Wanneer individue se prestasie in toetse oor verskillende geleenthede heen vergelyk wil word, moet die toetsbetroubaarheidswaarde gewoonlik 'n Cronbach-alfa-betroubaarheidsindeks van ten minste 0.90 hê. Volgens Smit (1986) se aanduiding vir die vereiste betroubaarheid van skale wanneer dit gaan om die vergelyking van groepe, word 'n minimumwaarde van 0.50 aanvaar. Al die

meetinstrumente toon aanvaarbare betroubaarheidsindekse. Cronbach-alfas in die huidige ondersoek wissel van 0.51 tot 0.90, behalwe vir die SACS-subskaal Assertiewe Aksie (AAC) (Cronbach-Alfa = 0.39). Die feit dat alle ander Cronbach-Alfa-betroubaarheidsindekse bo 0.5 is, dui daarop dat die resultate wat in hierdie studie verkry is, as betroubaar vir vergelykingsdoeleindes beskou kan word.

In hierdie studie is gevind dat die Cronbach-alfa-betroubaarheidsindekse en gemiddeldes soortgelyk is aan dié wat in die literatuur gerapporteer word vir hierdie betrokke skale. Uit Tabel 1 blyk dit dat die Cronbach-alfa-indekse vir die COPE (Cronbach-Alfa = .55 -.87) goed vergelyk met, en selfs hoër is as die tellings wat deur Carver, Scheier en Weintraub (1989) (Cronbach-Alfa = .62 - .80) verkry is. Die gemiddeldes van die subskale is ook vergelykbaar, behalwe dat daar in hierdie studie 'n hoër gemiddeld verkry is vir Keer na Religie (TTR)(M = 11.70) as in Carver et al. (1989) se navorsing (M = 8.82). Hierdie bevinding mag spruit uit die meer konserwatiewe lewensiening van Suid-Afrikaners versus die meer liberale lewensbeskouings van die Amerikaanse populasie, en die feit dat die meeste deelnemers in die huidige studie van 'n Christelike universiteit afkomstig was.

Die betroubaarheidsindekse wat in hierdie studie vir die CSI verkry is, vergelyk goed met dié wat in die literatuur gerapporteer word: Amirkham (1990) het 'n Cronbach-alfa-gemiddeld van 0.84 - 0.93 gevind, Wissing en Van Eeden (1994) Cronbach-alfa-betroubaarheidsindekse wat wissel van 0.72 - 0.88, en Wissing en Du Toit (1994) Cronbach-alfa-betroubaarheidsindekse van 0.56 - 0.91.

Die gemiddelde tellings verkry in hierdie studie vir die CSI (nl. PS = 27.38, SSS = 24.88, A = 20.68) is soortgelyk aan dié wat Wissing en Du Toit (1994) op 'n studentepopulasie gevind het (nl. PS = 27.99, SSS = 25.22, A = 19.47). In vergelyking met Wissing en Van Eeden (1994) se gemiddelde tellings, naamlik Probleemoplossing (PS) = 15.68, Soeke na Sosiale Ondersteuning (SSS) = 19.79 en Vermyding (A) = 24.13, blyk dit dat die gemiddelde tellings van die huidige studie hoër is vir Probleemoplossing en Soeke na Sosiale Ondersteuning, en laer vir Vermyding.

Die data in Tabel 1 dui aan dat die SACS-subskale voldoende betroubaarheidsindekse toon, behalwe vir die subskaal Assertiewe Aksie (AAC) wat 'n Cronbach-alfa-betroubaarheidsindeks

van 0.39 vertoon. Hierteenoor het Hobfoll et al. (1994b) 'n betroubaarheidsindeks van 0.66. vir die betrokke subskaal gerapporteer. Dit wil dus voorkom of die huidige navorsingsgroep se response nie baie betroubaar is vir hierdie spesifieke subskaal nie.

Die gemiddelde tellings van die SACS subskale stem min of meer ooreen met dié wat in die literatuur gerapporteer word, met name deur Hobfoll et al. (1994b), behalwe vir die subskale Instinktiewe Aksie (IAC), waarvoor hier 'n gemiddeld van 18.56 verkry is, en wat heelwat hoër is as die 11.57 wat Hobfoll et al. (1994b) rapporteer, en Indirekte Aksie (IDA), waarvoor hier 'n gemiddeld van 11.19 verkry is, wat heelwat laer is as die 19.37 wat Hobfoll et al. (1994b) rapporteer. Die feit dat die huidige ondersoek 'n hoër gemiddelde telling behaal het op die Instinktiewe Aksie-subskaal kan beteken dat hierdie groep meer impulsief en antisosiaal reageer as die Amerikaanse groep. Met ander woorde, daar word gereageer op instinkte sonder nadenke of kontrole oor impulse. Dit hang moontlik saam met die heersende geweldsklimaat in Suid-Afrika. Die huidige groep se laer telling op die subskaal Indirekte Aksie dui daarop dat hulle minder subtiel en versigtig in hulle stresreaksies is. Alhoewel dit goed is om direk te reageer, kan dit soms as onsensitief en ontakvol ervaar word. 'n Mate van indirektheid is nodig om 'n verfynder, gesofistikeerde nuanse aan ons reaksies te gee. Hobfoll et al. (1994b) dui nie self aan of hierdie subskaal pro- of antisosiaal is nie. Dit is moontlik so dat indirekte aksies in sommige kulture meer gewens of sosiaal aanvaarbaar is, soos in byvoorbeeld Oosterse of Afrika-kulture, terwyl dit in byvoorbeeld 'n Nederlandse kultuur as swakheid gesien sou kon word.

Soos in Tabel 1 weergegee, blyk dit dat die Cronbach-alfa-indekse vir die CRI-Y voldoende is. Op die CRI word in hierdie ondersoek laer indekse (Cronbach-alfa = 0.51 - 0.68) verkry as wat Ebata en Moos (1991) en Moos (1993) vermeld, naamlik Cronbach-alfa-betroubaarheidsindekse van 0.55 tot 0.79. Die gemiddelde tellings behaal deur die huidige ondersoekgroep is ook effens laer as die wat deur Moos (1993) gerapporteer word.

2.2. Resultate en interpretasies ten opsigte van die psigologiese welsyn-skale.

In Tabel 2 word die beskrywende statistiek en betroubaarheidsindekse vir die psigologiese welsyn- skale, soos gemeet vir die Totale Groep, weergegee.

Tabel 2: Beskrywende statistiek en betroubaarheidsindekse vir die copingskale soos verkry by die Totale Groep

Skale en subskale	M	SA	Omvang		Cronbach Alfa
			min	max	
Koherensiesinskaal (SOC)	34.28	21.79	80.0	190.0	0.88
Lewenstevredenheidsvraelys (SWLS)	23.94	5.77	2.0	35.0	0.83
Affektometer 2-skaal (AFM2)					
NA: Negatiewe affek	22.33	6.79	3.0	45.0	0.83
PA: Positiewe affek	36.54	5.90	10.0	50.0	0.81
PNB: Positiewe-negatiewe balans	14.22	11.16	-20.0	39.0	0.88

Uit Tabel 2 blyk dit dat die psigologiese welsyn-skale hoë betroubaarheidsindekse toon. Die Cronbach-alfa van 0.88 vir die SOC wat in dié ondersoek gevind is, stem goed ooreen met dié gerapporteer deur Antonovsky (1993), naamlik van 0.82 - 0.93. Ander outeurs (Wissing & Du Toit, 1994; Wissing & Van Eeden, 1994) rapporteer soortgelyke betroubaarheidsindekse. Die gemiddelde telling op die SOC (134.28) behaal in hierdie ondersoek stem ooreen met die gemiddelde telling (136.51) wat Wissing en Van Eeden (1994) verkry het op 'n Suid-Afrikaanse studentegroep, maar blyk laer te wees as Wissing en Du Toit se gemiddelde telling van 141.40, sowel as McSherry en Holm (1994) se gemiddeld van 141.15, wat op 'n Amerikaanse populasie verkry is. In beide laasgenoemde studies was die proefpersone voorgraadse studente. Die huidige studiegroep se laer tellings mag moontlik toe te skryf wees aan verhoogde stresvolle lewensomstandighede waaraan dié jeugdige blootgestel word. Met die politieke omkeer wat

plaasgevind het, is daar nou meer kompetisie en stres in die beroepswêreld. Werk is nie meer 'n outomatiese sekuriteit nie.

Tabel 2 se gegewens dui aan dat die Lewenstevredenheidsvraelys oor 'n voldoende Cronbach-alfa-betroubaarheidskoëffisiënt (0.83) beskik. Die resultate stem ooreen met die betroubaarheidsindekse wat gerapporteer word deur 'n Amerikaanse outeur, naamlik Diener et al. (1985) wat 'n Cronbach-alfa-betroubaarheidsindeks van 0.80 - 0.89 verkry. Suid-Afrikaanse navorsers, by name Wissing en Du Toit (1994) en Wissing en Van Eeden (1994), rapporteer onderskeidelik Cronbach-alfa-koëffisiënte van 0.85 en 0.79. Die gemiddelde telling van 23.94 wat in hierdie studie verkry is, vergelyk goed met Wissing en Van Eeden (1994)(M = 23.45) en Wissing en Du Toit (1994)(M = 24.90) se bevindinge.

Die Affektometer behaal in hierdie studie ook hoë betroubaarheidsindekse. Soortgelyke bevindings word gerapporteer deur Wissing en Van Eeden, (1994) en Kamman en Flett, 1983). Die gemiddelde tellings wat in hierdie ondersoek vir die AFM verkry is, is ook bevredigend.

3. VERGELYKING VAN DIE RESULTATE BY DIE SUBGROEPE

3.1. Vergelyking van die resultate van Mans en Vrouens

3.1.1. Vergelyking van copingstrategieë by Mans en Vrouens

In Tabel 3 word die gemiddeldes, standaardafwykings en Cronbach-alfa-betroubaarheidsindekse vir die copingskale, soos verkry vir die subgroepe Mans en Vrouens, aangetoon. Die mate waarin die gemiddeldes, soos verkry by Mans en Vrouens, beduidend verskil of nie, word met behulp van p-waardes aangedui.

Tabel 3: Beskrywende statistiek, Cronbach-alfa-betroubaarheidskoëffisiënte van copingskale soos verkry by Mans en Vrouens, sowel as die mate waarin hierdie groepe betekenisvol verskil

Skale en subskale subskale	Mans			Vrouens			p-waarde
	M	SA	Cronbach alfa	M	SA	Cronbach alfa	
COPE							
COPE_AC	11.85	2.08	0.55	11.73	2.11	0.55	
COPE_P	12.85	2.52	0.78	12.95	2.37	0.76	
COPE_SCA	10.78	2.19	0.60	10.57	2.20	0.60	
COPE_RC	11.30	2.19	0.55	10.95	2.21	0.57	
COPE_SIR	11.51	2.77	0.78	11.73	3.17	0.85	
COPE_SER	11.27	3.03	0.82	12.21	3.17	0.88	**
COPE_PRG	12.78	2.16	0.66	12.67	2.31	0.71	
COPE_AG	11.59	2.40	0.57	11.73	2.44	0.62	
COPE_TTR	13.34	2.98	0.86	14.06	2.33	0.81	**
COPE_FVE	9.67	2.78	0.70	11.03	2.80	0.70	****
COPE_D	7.68	2.84	0.72	7.15	2.81	0.77	
COPE_BD	7.57	2.38	0.60	7.42	2.48	0.68	
COPE_MD	9.45	2.60	0.60	9.12	2.74	0.64	
COPE_ADD	1.47	0.83		1.29	0.67		
CSI							
CSI_PS	26.98	4.15	0.80	27.59	4.41	0.85	
CSI_SSS	23.74	5.59	0.90	25.45	5.47	0.90	**
CSI_A	20.65	4.47	0.76	20.70	4.26	0.74	
SACS							
SACS_AAC	32.14	5.45	0.46	31.97	5.33	0.37	
SACS_SJ	17.01	3.23	0.56	17.46	3.22	0.55	
SACS_SSS	23.06	5.35	0.77	24.51	5.71	0.81	**
SACS_CAC	17.66	3.21	0.54	17.60	3.20	0.59	
SACS_IAC	18.55	3.87	0.59	18.56	4.02	0.61	
SACS_A	16.94	5.28	0.78	16.76	5.45	0.79	
SACS_IDA	11.65	3.23	0.62	10.99	3.11	0.57	*
SACS_ASA	16.24	4.86	0.76	14.23	4.20	0.69	****
SACS_AGA	15.17	3.28	0.49	14.49	3.55	0.57	*

Tabel 3 vervolg...

Skale en subskale	Mans			Vrouens			p-waarde
	M	SA	Cronbach alfa	M	SA	Cronbach alfa	
CRI							
CRI_LA	11.61	3.27	0.52	12.59	3.12	0.56	**
CRI_PR	11.01	3.52	0.55	11.55	3.65	0.60	
CRI_SG	8.70	4.42	0.68	9.71	4.17	0.67	*
CRI_PS	11.15	3.46	0.52	11.76	3.56	0.60	
CRI_CA	8.06	3.93	0.62	8.68	4.05	0.66	
CRI_AR	8.81	3.83	0.55	9.26	3.95	0.55	
CRI_SR	8.57	4.08	0.66	8.85	4.20	0.66	
CRI_ED	7.56	3.55	0.49	8.85	3.64	0.54	***

* = $p < 0.05$; ** = $p < 0.01$; *** = $p < 0.001$; **** = $p < 0.0001$

Uit Tabel 3 blyk dit dat die betroubaarheidsindekse vir Mans en Vrouens voldoende is, behalwe vir Assertiewe Aksie (SACS_AAC) by Mans en Vrouens en Aggressiewe Aksie (SACS_AGA) en Emosionele Ventilasië (CRI_ED) slegs by die Mans, wat almal indekse laer as 0.50 vertoon.

In die huidige ondersoek blyk dit dat die Vroue-subgroep statisties betekenisvolle hoër gemiddeldes toon op die soeke na sosiale ondersteuning-subskale (CSI_SSS, COPE_SER, SACS_SSS, CRI_SG), sowel as die emosionele ontladings-skale (COPE_FVE, CRI_ED). Hierdie tendens bevestig in 'n mate die tradisionele stereotipe dat vrouens meer emosiegefokus as mans cope. Verskeie outeurs (Billings & Moos, 1981; Endler & Parker, 1990b; Morrow & Smith, 1995; Pearlin & Schooler, 1978; Thoits, 1991) het gevind dat vrouens meer emosiegefokus/ekspressief cope as mans, en Hobfoll et al. (1994a) het gevind dat vroue meer staatmaak op sosiale ondersteuning. Hierdie bevindinge impliseer egter nie dat vrouens nog funksioneer volgens die vroeg-twintigste-eeuse siening dat 'n vrou "is ordained to be a doll, a plaything, a coquette, spending her time in vain and frivolous, if not harmful and immoral indulgences, wasting her life, dissipating her energies and ending her useless existence in

mental childhood leaving no trace of service to society, and no memory of duties nobly fulfilled to preserve her name" (Debs, 1996, p.166). Die emansipasie van die vrou op politieke sowel as sosiale gebied impliseer meer probleemgefokusde rolle.

Uit die navorsingresultate blyk dit ook dat daar nie enige noemenswaardige verskille is tussen Mans en Vrouens se copingvoorkeure ten opsigte van die probleemgefokusde skale nie, behalwe dat Vrouens meer gebruik maak van Logiese Analise (CRI_LA) as Mans. Verskeie outeurs (Pearlin en Schooler, 1978; Billings & Moos, 1981) se verwagting dat mans meer probleemgefokus cope, word dus weerspreek deur die huidige resultate. Die digotomiese onderskeiding van vrouens as nét emosiegefokusde copers en mans as nét probleemgefokusde copers geld dus nie hier nie. Albei groepe cope emosie- en probleemgefokus, maar vrouens is meer ekspressief in hulle copingstyle (Thoits, 1991). Vroue se ooreenkoms met die Mans ten opsigte van probleemgefokusde copingvoorkeure kan moontlik deur die volgende faktore verklaar word: Billings en Moos (1981) en Hobfoll et al. (1994a) bevind onderskeidelik dat hoe hoër 'n persoon se opvoedingsvlak en gevoel van bemeesteringsvaardigheid is, tesame met die handhawing van 'n liberale geslagsroloriëntasie, hoe meer word daar gebruik gemaak van aktiewe copingmetodes. Die afleiding kan dus gemaak word dat die Vroue in hierdie studie 'n redelike opvoedingsvlak en mate van bemeesteringsvaardigheid het, sowel as 'n liberale geslagsroloriëntasie.

Hobfoll et al. (1994a) het gevind dat mans 'n aktiewe, antisosiale coping-benadering het, en vrouens 'n meer prososiale aktiewe benadering volg. Hierdie bevinding word ondersteun deur die resultate van die huidige studie, aangesien Vrouens meer gebruik maak van Logiese Analise (LA), en Soeke na Sosiale Ondersteuning (SSS) as Mans, wat meer gebruik maak van Indirekte Aksie, Antisosiale Aksie en Aggressiewe Aksie (IDA, ASA, AGA). Verskeie skrywers (Endler & Parker, 1994; Hobfoll et al, 1994a; Roth & Cohen, 1986) meen dat laasgenoemde swakker copingstyle is. In ooreenstemming met Thoits (1991) se bevindinge, blyk dit dat Vrouens (in hierdie studie) 'n groter variasie van copingstrategieë gebruik as Mans, wat positiewe verbande het met copingresultate en psigiese welsyn (Pearlin & Schooler, 1978). Dit wil dus voorkom of Vrouens in hierdie studiepopulasie meer konstruktiewe copingmeganismes as Mans het. Verder

blyk dit dat Vrouens ook meer gebruik maak van religie tydens stresvolle omstandighede as Mans, aangesien dié groep 'n statisties betekenisvol hoër telling op Keer na Religie (COPE_TTR) getoon het as mans.

Die feit dat Vrouens meer gebruik maak van Soeke na Sosiale Ondersteuning en Emosionele Ontlading en Mans meer destruktiewe copingstyle (Indirekte, Antisosiale en Aggressiewe Aksie) gebruik, mag deur 'n omgewingsveranderlike, naamlik opvoedingstyle, verklaar word. Dit kan wees dat die benutting van sosiale ondersteuning, sowel as die ekspressie van emosies by meisies aangemoedig word, terwyl dieselfde gedrag by seuns 'n neutrale of selfs negatiewe reaksie van ouers ontlok (Brooks,1991; Louw, Gerdes & Meyer, 1984). Verder is dit moontlik dat indirekte, aggressiewe en antisosiale gedrag in 'n mate by seuns aangemoedig word, ten spyte van die negatiewe implikasies wat hierdie gedrag inhou vir 'n individu se copingvaardighede en psigiese welsyn. Alhoewel dit normaal is vir 'n seun om te identifiseer met sy pa as 'n figuur wat meer taakgerig as persoonsgerig is, moet hierdie trekke nie verabsoluteer word nie. Hierdie diskrepanse in opvoedingstyle vir seuns en dogters skep 'n taak vir alle geestesgesondheidswetenskaplikes op primêre voorkomingsvlak.

3.1.2. Vergelyking van psigologiese welsyn by die Mans en Vrouens

In Tabel 4 word die gemiddeldes, standaardafwykings, en Cronbach-alfabetroubaarheidsindekse vir die psigologiese welsyn-skale, soos gemeet vir die subgroep Mans en Vrouens, aangetoon. Daar is ook, met behulp van p-waardes, aangedui in watter mate die gemiddeldes vir hierdie groep beduidend verskil of nie.

Tabel 4: Beskrywende statistiek, Cronbach-alfa- betroubaarheidskoeffisiënte van psigologiese welsyn-skale soos verkry by die Mans en Vrouens, sowel as die mate waarin hierdie groepe betekenisvol verskil

Skale en subskale	Mans			Vrouens			p-waarde
	M	SA	Cronbach alfa	M	SA	Cronbach alfa	
SOC	132.30	20.41	0.85	135.15	22.51	0.90	
SWLS	23.46	5.83	0.82	24.13	5.75	0.84	
AFM							
NA	23.64	6.90	0.83	21.68	6.66	0.84	**
PA	36.16	6.00	0.81	36.80	5.84	0.81	
PNB	12.52	11.40	0.88	15.13	10.97	0.88	*

* = $p < 0.05$; ** = $p < 0.01$; *** = $p < 0.001$; **** = $p < 0.0001$

Uit Tabel 4 blyk dit dat die Cronbach-alfa-betroubaarheidsindekse vir Mans sowel as vir Vrouens, soos bepaal vir psigologiese welsyn-skale, bevredigend is. Mans ervaar meer Negatiewe Affek (NA) as Vrouens en het ook 'n statisties betekenisvol laer telling op die Positiewe-Negatiewe-Affek-balans-skaal (PNB). Mans en Vrouens ervaar dieselfde mate van Koherensiesin (SOC), Lewenstevredenheid (SWLS) en Positiewe affek (PA). Dis tans moeilik om met sekerheid te verklaar waarom Mans meer Negatiewe Affek (NA) ervaar as Vrouens. 'n Moontlike hipotese is dat Vrouens se benutting van Soeke na Sosiale Ondersteuning en Emosionele Ventilasië aan hulle die geleentheid gee om sekere negatiewe emosies en gevoelens te ontlaai, wat daartoe kan bydra dat hulle meer positiewe affek beleef. Soortgelyke navorsing (Wood, Rhodes & Whelan, 1989) bevind dat vroue meer geluk en lewensatisfaksie as mans ervaar weens die volgende redes: vroue se geslagsrol spesifiseer meer emosionele responsiwiteit; rolverwante ervarings van die verlede verskaf aan vrouens meer toepaslike

vaardighede; die vrouens is getroud. Dit blyk ook dat Mans sogenaamde swakker copingstyle (Hobfoll et al., 1994; Folkman et al., 1984) as Vrouens benut (naamlik Indirekte, Aggressiewe en Antisosiale Aksie) wat ook 'n negatiewe effek kan hê op psigologiese welsyn.

3.2. Vergelyking van die resultate van die Wit en Swart subgroepe

3.2.1. Vergelyking van copingstyle by die Wit en Swart Groepe

In Tabel 5 word die gemiddeldes, standaardafwykings en Cronbach-alfa-betroubaarheidsindekse vir die copingskale, soos by die Wit en Swart Groepe verkry, aangedui, asook die mate waarin die subgroepe se gemiddeldes op die betrokke skale verskil het.

Uit die data in Tabel 5 blyk dit dat die meeste betroubaarheidsindekse vir die Wit Groep bevredigend is, behalwe vir die subskaal Assertiewe Aksie (SACS_AAC). By die Swart Groep is daar egter 'n hele paar skale wat betroubaarheidskoëffisiënte laer as 0.50 het, naamlik: Aktiewe Coping (COPE_AC), Assertiewe Aksie (SACS_AAC), Selfbeheersing (COPE_RC), Aanvaarding (COPE_A), Gedrags-Onttrekking (COPE_BD), Mentale Onttrekking (COPE_MD), Sosiale Binding (SACS_SJ), Indirekte- en Antisosiale Aksie (SACS_ASA en IDA), Aggressiewe Aksie (SACS_AGA), Logiese Analise (CRI_LA), Positiewe Herinterpretasie (CRI_PR), Kognitiewe Vermydning (CRI_CA), en Emosionele Ontlading (CRI_ED). Die onbevredigende betroubaarheidsindekse wat verkry is vir dié betrokke subskale impliseer dat die spesifieke skale nie die nodige response van dié groep ontlok het nie en kan moontlik dui op kulturele eensydigheid in die samestelling van copingskale.

Tabel 5: Beskrywende statistiek, Cronbach-alfa-betroubaarheidskoëffisiënte vir coping-skale soos by die Wit en Swart Groepe verkry, asook die mate waartoe hierdie groepe verskil

Skale en subskale	Wit			Swart			P-waarde
	M	SA	Cronbach alfa	M	SA	Cronbach alfa	
COPE							
COPE_AC	11.76	2.08	0.57	11.86	2.24	0.48	
COPE_P	13.01	2.33	0.78	12.56	2.78	0.75	
COPE_SCA	10.62	2.17	0.61	10.76	2.33	0.54	
COPE_RC	10.99	2.21	0.60	11.37	2.20	0.34	
COPE_SIR	11.70	3.15	0.87	11.56	2.56	0.58	
COPE_SER	12.0	3.27	0.90	11.46	2.59	0.64	
COPE_PRG	12.80	2.27	0.72	12.35	2.21	0.54	
COPE_A	11.71	2.43	0.63	11.60	2.39	0.48	
COPE_TTR	14.08	2.40	0.84	12.67	3.08	0.78	****
COPE_FVE	10.75	2.89	0.74	9.86	2.66	0.55	**
COPE_D	6.84	2.63	0.76	9.44	2.59	0.53	****
COPE_BD	7.15	2.30	0.67	8.77	2.51	0.41	****
COPE_MD	9.09	2.71	0.65	9.80	2.55	0.47	*
COPE_ADD	1.26	0.60		1.73	1.02		****
CSI							
CSI_PS	26.46	4.34	0.84	27.17	4.34	0.81	
CSI_SSS	25.08	5.71	0.92	24.19	4.78	0.81	
CSI_A	20.51	4.46	0.71	21.44	3.57	0.56	*
SACS							
SACS_AAC	32.30	5.21	0.40	31.05	5.90	0.45	
SACS_SJ	17.32	3.17	0.58	17.21	3.49	0.46	
SACS_SSS	24.16	5.80	0.84	23.62	4.78	0.56	
SACS_CAC	17.58	3.01	0.56	17.85	3.95	0.61	
SACS_IAC	18.53	3.95	0.63	18.86	4.06	0.50	
SACS_A	16.40	5.32	0.81	18.49	5.41	0.66	*
SACS_IDA	11.03	3.17	0.63	11.96	3.02	0.36	**
SACS_ASA	14.41	4.50	0.77	17.04	3.97	0.41	****
SACS_AGA	14.64	3.48	0.61	15.06	3.51	0.31	

Tabel 5 vervolg...

Skale en subskale	Wit			Swart			p-waarde
	M	SA	Cronbach alfa	M	SA	Cronbach alfa	
CRI							
CRI_LA	12.48	3.16	0.56	11.27	3.20	0.48	***
CRI_PR	11.54	3.66	0.62	10.57	3.29	0.41	
CRI_SG	9.42	4.28	0.70	9.14	4.27	0.62	
CRI_PS	11.74	3.44	0.56	10.80	3.97	0.67	
CRI_CA	8.29	4.10	0.69	9.30	3.52	0.41	
CRI_AR	9.18	3.91	0.55	8.66	3.92	0.50	
CRI_SR	8.49	4.23	0.68	9.90	3.69	0.52	*
CRI_ED	8.49	3.72	0.55	7.93	3.24	0.29	

* = $p < 0.05$; ** = $p < 0.01$; *** = $p < 0.001$; **** = $p < 0.0001$

Ten eerste blyk dit dat persone afkomstig van 'n Afrika- of Oosterse agtergrond baie minder nagevors is as Westeringe. Op die vlak van die wetenskap word daar in die hoofstroomgeesteswetenskappe vasgestaar teen Westerse konstrunkte, teorieë en navorsingsmetodes, en dan ook nog aangeneem dat dit universeel-geldende kennis is (Wissing, 1994). Prakties kan dit beteken dat eersgenoemde groepe nie in ag geneem word wanneer items geselekteer word vir die samestelling van copingskale nie. Items word geselekteer om by die navorser se eie Westerse verwysingsraamwerk te pas, in plaas van die werklike faktoroplossing (Schwarzer & Schwarzer, 1996). Voigens Wissing (1994) is daar dus meer bewustheid nodig ten opsigte van aspekte soos ons eie en ander kulture se aangeleerde kulturele waardes en aannames, ons stereotipering en etikettering van ander en ons onbewuste neiging om ander so te konstrueer dat dit ons belange pas met betrekking tot wetenskapsbeoefening (of spesifiek die samestelling van copingskale).

Op die COPE-subskaal se Keer na Religie (COPE_TTR) en Fokus op en Ventilering van Emosies (COPE_FVE) behaal die Wit Groep 'n statisties betekenisvolle hoër telling. Eersgenoemde kan dui op 'n groter benutting van religie as copingstyl onder aversiewe

lewensomstandighede, en moontlik 'n meer morele ingesteldheid wat in lyn is met die Westerse individualistiese kultuur se morele ingesteldheid om te doen wat reg is (Waterman, 1981). Die Wit Groep se tradisionele Christelike agtergrond, en die feit dat hulle studente aan 'n Christelike universiteit is, speel ook 'n rol. Die hoër telling op Fokus op en Ventilering van Emosies dui op 'n sterker sin vir persoonlike identiteit en om so na as moontlik aan die werklike self te leef (Waterman, 1981) - daar kan dus gehipotetiseer word dat so 'n persoon meer gewillig sou wees om emosies op 'n egte wyse te openbaar. Waar 'n persoon afkomstig van 'n kollektiwistiese groep eerder sy gevoelens van kwaadheid of seergemaaktheid sal onderdruk ter wille van groepsharmonie, sal 'n persoon afkomstig van 'n individualistiese kultuur dit eerder ontbloot en die situasie direk probeer oplos (Triandis et al., 1988). Ventilering van emosie kan egter ook 'n negatiewe konnotasie hê.

Volgens Hobfoll et al. (1994) se verwagting behoort die Wit Groep meer aktiewe probleemoplossende benaderings te gebruik as die Swart Groep. Die huidige resultate ondersteun nie hierdie verwagting ten volle nie - daar is geen statisties beduidende verskil tussen hierdie groepe op een van die probleemgefokusde skale nie, behalwe vir die subskaal Logiese Analise (CRI_LA) en Keer na Religie (COPE_TTR). Albei groepe benut probleemgefokusde copingstyle tot 'n meerdere en mindere mate. Swart studente word meer blootgestel aan 'n Westerse, individualistiese kultuur, en dis moontlik dat hulle meer aktief sal cope as hul meer tradisionele kultuurgenote, wat moontlik meer passiewe strategieë sou kon benut. Hierdie hipotese moet deur verdere navorsing geverifieer word.

Die Swart Groep behaal statisties betekenisvolle hoër tellings op Vermydning (COPE_D, CSI_A en SACS_A), Gedrags- en Mentale Onttrekking (COPE_BD en MD), Alkohol- en Dwelm-Onttrekking (COPE_ADD), Indirekte- en Antisosiale Aksie (SACS_IDA en ASA) en Soeke na Alternatiewe Belonings (CRI_SR). Die hoër tellings op die vermydingskale (COPE_D, CSI_A, SACS_A, COPE_BD, MD en ADD) en die Indirekte Aksie-skaal sluit aan by Hobfoll et al. (1994b) se siening dat Asiër- en Afrika-kulture meer indirek, vermydend cope. Dit kan moontlik egter ook toegeskryf word aan die feit dat persone in die Wit Groep oor die algemeen meer bronne tot hulle beskikking het (Rutter, 1986). Hoe meer interne en eksterne bronne 'n persoon besit, hoe groter is die kans om eerder benaderingscoping as vermydingscoping te

gebruik (Holahan & Moos, 1987; 1991). Die kulturele situasie van die verlede speel 'n rol in hierdie diskrepansie van bronne-beskikbaarheid tussen die twee groepe. Apartheidswetgewing het swart persone die reg tot sekere bronne (opleiding, geld, behuising, gelyke geleentede, ensovoorts) ontnem.

Die rede waarom die Swart Groep meer gebruik maak van Soeke na Alternatiewe Belonings en Antisosiale Aksie, blyk in hierdie studie nie duidelik te wees nie. 'n Moontlike hipotese is dat Swart persone meer blootgestel is aan 'n gewelddadige, ongenaakbare, stresvolle omgewing, wat antisosiale coping dalk nodig gemaak het, aangesien assertiewe, benaderende copingstyle 'n sosiale taboe was vir hierdie groep in 'n Wit magsugtige omgewing. Die sanksionering van assertiewe copingaksies by die swart kultuur blyk byvoorbeeld uit die feit dat daar gedurende Mei 1988 25 kinders in Soweto en 121 kinders oor die hele land in aanhouding was, as gevolg van hulle deelname aan politieke optogte (wat as 'n vorm van assertiewe aksie gesien sou kon word) (Ghmukler, 1990). Volgens Kleinke (1991) blyk dit dat 'n antisosiale oriëntasie die enigste manier word waarop persone wat blootgestel is aan 'n ongenaakbare, verwerpende omgewing/gesin, identiteit en selfestem behou.

'n Moontlike hipotese vir die Swart Groep se voorkeur vir Soeke na Alternatiewe Belonings is dat hulle in die verlede so min resultate gekry het vir hulle copingpogings, dat hulle bevrediging op ander lewensgebiede moes soek om sinvol te probeer leef in 'n baie stresvolle wêreld, byvoorbeeld swart kunstenaars soos Gerard Sekoto (Harmsen, 1985) wat hulle gevoelens van vrees, woede en opstand in hulle "township art" weergegee het. Ten slotte moet die lae betroubaarheidsindekse van bogenoemde subskale egter in ag geneem word, en hierdie bevindinge met versigtigheid geïnterpreteer word. Die feit dat dié groep ook in die minderheid is, mag veroorsaak dat die resultate meer in sekere rigtings kan stuur.

3.2.2. Vergelyking van psigologiese welsyn by die Wit en Swart subgroep

In Tabel 6 word die gemiddeldes, standaardafwykings en Cronbach-alfabetroubaarheidsindekse soos verkry op die psigologiese welsyn-skale vir die Swart en Wit Groep, weergegee. Die mate waarin hierdie groepe se gemiddelde tellings betekenisvol verskil, word ook aangedui.

Tabel 6: Beskrywende statistiek, Cronbach-alfa-betroubaarheidskoeffisiënte vir psigologiese welsyn-skale soos by die Wit en Swart Groepe verkry, asook die mate waartoe hierdie groepe verskil

Skale en subskale	Wit			Swart			p-waarde
	M	SA	Cronbach alfa	M	SA	Cronbach alfa	
SOC	136.64	21.83	0.90	123.64	18.74	0.75	****
SWLS	24.46	5.63	0.84	21.38	5.86	0.75	****
AFM2							
NA	21.51	6.33	0.83	26.02	7.64	0.81	****
PA	36.90	5.67	0.82	35.11	6.59	0.76	*
PNB	15.39	19.65	0.89	9.08	12.25	0.85	****

* = $p < 0.05$; ** = $p < 0.01$; *** = $p < 0.001$; **** = $p < 0.0001$

Uit Tabel 6 blyk dit dat alle psigologiese welsyn-skale by beide groepe goeie betroubaarheidsindekse vertoon. Die Wit Groep verkry statisties betekenisvolle hoër tellings op die SOC, SWLS, PA en PNB, terwyl die Swart Groep meer Negatiewe Affek ervaar. Soos hierbo ook genoem, blyk dit dat groepe wat minder bronne tot hul beskikking het, meer vermydend cope, wat op sy beurt 'n negatiewe effek het op psigologiese welsyn (Holahan & Moos, 1987; 1991). Die huidige resultate reflekteer waarskynlik die lewensituasie van beide groepe in die verlede. Die Wit Groep wat meer toegang gehad het tot verskillende tipes bronne (opleiding, geld, bevordering, behuising, minder stressore), teenoor die Swart Groep wat minder bronne en meer stres (apartheid, geweld) ervaar het.

4. VERBANDE TUSSEN SKALE WAT COPINGSTYLE EN PSIGOLOGIESE WELSYN MEET BY DIE TOTALE GROEP

In hierdie sub-afdeling sal daar beoordeel word tot watter mate daar 'n verband is tussen verskillende copingstyle en psigologiese welsyn. In Tabel 7 word die korrelasies tussen die tellings op die copingskale en -subskale en mate van psigologiese welsyn, soos gemeet vir die Totale Groep, aangetoon.


Bevindings soos in die literatuur gerapporteer word, ondersteun deur die resultate soos in Tabel 7 weergegee. Aan die positiewe pool van die korrelasiematriks blyk dit dat probleemgefokusde/benaderings-/aktiewe coping 'n positiewe korrelasie met die meeste psigologiese welsyn-skale het. Verskeie van hierdie verbande is ook prakties betekenisvol op alle psigologiese welsyn-skale, naamlik Assertiewe Coping (SACS_AAC) en Beplanning (COPE_P). Dit blyk dus dat 'n aktiewe, goedbeplande probleemoplossende benadering, soos ook deur verskeie outeurs gerapporteer (Moos, 1993; McSherry & Holm, 1994), moontlik 'n betekenisvolle bydrae kan lewer tot die verhoging van 'n individu se psigologiese welsyn (oorsaaklikheid kan egter nie uit die huidige bevindinge afgelei word nie).

Uit die korrelasiematriks blyk dit dat bykans alle vermydingssubskale statisties betekenisvol negatief korreleer met die psigologiese welsyn-skale. Verskeie korrelasies is ook prakties betekenisvol, byvoorbeeld Ontkenning (COPE_D), Gedrags- en Mentale Onttrekking (COPE_BD en MD), Vermyding (CSI_A, SACS_A, CRI_CA), met statisties betekenisvolle korrelasies selfs so hoog as $-.54$.

Bogenoemde resultate suggereer sterk dat die vermyding van stressore saamhang met 'n laer mate van psigologiese welsyn. Hierdie bevinding stem ooreen met die bevindings van verskeie outeurs soos Holahan & Moos (1987, 1991) en McSherry & Holm (1994).

Terwyl probleemgefokusde- en vermydingcopingstyle onderskeidelik statisties betekenisvol positief en negatief korreleer met psigologiese welsyn, blyk dit dat emosiegefokusde subskale

nie een prakties betekenisvolle verbande met psigologiese welsyn-skale toon nie, maar tog wel 'n statisties betekenisvolle positiewe korrelasie toon. Dit word hier egter belangrik om te onderskei tussen die soeke na sosiale ondersteuning-copingkategorie en die emosionele ventilasie-copingkategorie. Dit blyk dat eersgenoemde (COPE_SER, COPE_SIR, CSI_SSS, SACS_SSS, SACS_SJ, CRI_SG) statisties positief korreleer met psigiese welsyn, terwyl laasgenoemde (COPE_FVE en CRI_ED) statisties betekenisvol negatief korreleer met psigiese welsyn. Dit wil dus voorkom of die hantering van emosies met behulp van soeke na sosiale ondersteuning meer opbouend is vir psigologiese welsyn as net blote ventilering van emosios. Indien dit moontlik sou wees om die copingskale se korrelasies met psigologiese welsyn in 'n tipe illustrasie/diagram te omskep, sou dit soos volg wees:



Figuur 10: Diagrammatiese voorstelling van copingstrategieë se korrelasies met psigologiese welsyn

Tabel 7: Korrelasies tussen tellings op copingskale en skale wat psigologiese welsyn meet by die Totale Groep

Coping-subskale	Psigologiese Welsynskale				
	SOC	SWLS	NA	PA	PNB
COPE_AC	.24	.15	-.16	.34	.28
COPE_P	.34	.20	-.28	.42	.39
COPE_SCA	.04	.01	.07	.18	.04
COPE_RC	.10	-.01	-.03	.08	.06
COPE_SIR	.14	.15	-.10	.18	.15
COPE_SER	.15	.20	-.11	.19	.17
COPE_PRG	.39	.23	-.35	.42	.43
COPE_A	.19	.17	-.13	.22	.18
COPE_TTR	.27	.24	-.25	.32	.32
COPE_FVE	-.12	.04	.12	-.04	-.09
COPE_D	-.42	-.32	.53	-.33	-.50
COPE_BD	-.45	-.25	.56	-.39	-.54
COPE_MD	-.41	-.30	.47	-.28	-.42
COPE_ADD	-.30	-.19	.42	-.24	-.38
CSI_PS	.26	.10	-.22	.22	.25
CSI_SSS	.16	.19	-.11	.15	.15
CSI_A	-.44	-.32	.46	-.32	-.45
SACS_AAC	.43	.25	-.42	.44	.49
SACS_SJ	.20	.17	-.14	.26	.22
SACS_SSS	.16	.22	-.13	.15	.16
SACS_CAC	.18	.07	-.14	.20	.19
SACS_IAC	-.11	.03	.14	.09	-.04
SACS_A	-.40	-.16	.46	-.30	.44
SACS_IDA	-.19	-.04	.25	-.07	-.19
SACS_ASA	-.16	.004	.26	-.003	-.16
SACS_AGA	.02	.06	.11	.15	.009
CRI_LA	.03	-.009	-.004	-.03	-.01
CRI_PR	.17	.17	-.09	.18	.15
CRI_SG	.06	.10	-.03	.07	.06
CRI_PS	.19	.13	-.18	.18	.20
CRI_CA	-.31	-.17	.33	-.17	-.29
CRI_AR	-.25	-.15	.24	-.15	-.23
CRI_SR	-.08	-.006	.12	-.001	-.07
CRI_ED	-.22	-.06	.15	-.08	-.13

* Alle korrelasies groter as 0.1 is reeds statisties beduidend, aangesien die populasie (N) redelik groot is. Korrelasies groter as 0.3 is statisties sowel as prakties hoogs betekenisvol. In hierdie ondersoek sal daar hoofsaaklik gefokus word op korrelasies wat hoër as 0.3 is.

Alhoewel emosiegefokusde coping meestal deur skrywers soos Pearlin en Schooler (1978), Endler en Parker (1990b), Holahan en Moos (1987) geëtiketteer word as "swak" copingstyle, wat 'n negatiewe invloed uitoefen op psigiese gesondheid, meld Hobfoll et al. (1994a) dat dit wel in sekere omstandighede 'n positiewe copingstrategie kan wees, aanvullend tot probleemgefokusde coping. Die bevindinge van die huidige navorsingstudie sluit aan by Carver et al. (1989) se veronderstelling dat te veel/min emosiegefokusde coping nie gesond is nie. Volgens hulle kan emosionele coping goed wees as 'n bron om ondersteuning en motivering te verkry om tot probleemoplossing oor te gaan, maar mag op die langtermyn slegs die stres vererger en sodoende ook die individu se psigiese welsyn benadeel.

Twee ander subskale wat statisties betekenisvol (en in meeste gevalle ook prakties beduidend) positief korreleer met psigologiese welsyn is Keer na Religie (COPE_TTR) en Positiewe Herinterpretasie en Groei (COPE_PRG). Dit wil dus voorkom of die hantering van stressore deur middel van religieuse praktyke en deur te fokus op die positiewe in plaas van die negatiewe aspekte van 'n situasie positief bydra tot psigologiese welsyn in die Suid-Afrikaanse konteks.

Die bogenoemde copingkategorieë is nie absoluut nie. 'n Probleemgefokusde copingbenadering is nie altyd die gesondste copingkeuse nie; net so is vermydingscoping nie altyd 'n negatiewe copingkeuse nie. Afhangend van die konteks is verskillende copingstyle op verskillende tye die effektiëste. Die kuns lê daarin om die beste copingstyl toepaslik vir die hantering van die stressor, te kies (Lazarus & Folkman, 1984). Navorsing vind ook dat 'n gevarieerde copingrepertoire meer voordele inhou vir psigologiese welsyn as die oorbenuiting van slegs enkele copingmeganismes (Kleinke, 1991; Pearlin & Schooler, 1978).

5. VOORSPELLING VAN PSIGOLOGIESE WELSYN DEUR COPINGSTRATEGIEË

'n Meervoudige regressieontledingsmodel is op die huidige data gepas waarin Psigologiese Welsyn die afhanklike veranderlike is, en Copingstyle, soos gemeet met die subskale van die CSI, SACS, CRI_Y en COPE die onafhanklike veranderlikes of voorspellers is. Hierdie model het die empiriese data van die Totale Groep statisties betekenisvol gepas ($F = 14.56$, $p < .0001$) en 'n R^2 van .5335 is verkry. Met ander woorde, copingstrategieë soos in die huidige ondersoek gemeet, verklaar 53.35% van die variansie in die mate van psigologiese welsyn van die Totale Groep. Hierdie persentasie is relatief hoog in vergelyking met dié wat Aldwin en Revenson (1987) gevind het, waar copingstrategieë slegs 44% van die variansie in die mate van psigologiese gesondheid verklaar het. Die veranderlikes wat in kombinasie met al die ander die grootste bydraes gelewer het, was Onderdrukking van Kompetierende Aktiwiteite (COPE_SCA,(+) $p = .05$), Positiewe Herinterpretasie en Groei (COPE_PRG,(+) $p = .0004$), Aanvaarding (COPE_A,(+) $p = .04$; CRI_AR,(-) $p = .07$), Keer na Religie (COPE_TTR,(+) $p = .0005$), Ontkenning (COPE_D,(-) $p = .0003$), Mentale Onttrekking (COPE_MD,(-) $p = .05$), Vermyding (CSI_A,(-) $p = .0001$), Assertiewe Aksie (SACS_AAC,(+) $p = .01$), Antisosiale Aksie (SACS_ASA,(-) $p = .02$) en Positiewe Herinterpretasie en Groei (CRI_PR,(+) $p = .013$).

Met die passing van dieselfde meervoudige regressiemodel as wat vir die Totale Groep gebruik is op die empiriese data soos verkry by Mans is ook 'n betekenisvolle passing verkry ($F = 5.57$, $p < .0001$), en 'n R^2 van .6163. 61.63% Van die variansie in die data van Mans word dus verklaar. In die voorspelling van Mans se psigologiese welsyn het die volgende veranderlikes in kombinasie met al die ander betekenisvolle bydraes gelewer: Ontkenning (COPE_D, (-) $p = .006$), Vermyding (CSI_A, (-) $p < .02$), Logiese Analise (CRI_LA, (=) $p < .05$), Positiewe Herinterpretasie en Groei (CRI_PR, (+) $p < .02$), Kognitiewe Vermyding (CRI_CA, (-) $p < .05$) en Gelate Aanvaarding (CRI_AR, (-) $p < .04$).

Hierdie betrokke meervoudige regressiemodel is ook op die data van Vrouens gepas. Die passing was betekenisvol ($F = 9.6$, $p < .0001$) en 'n prakties betekenisvolle R^2 van .5418 is verkry. Copingmeganismes verklaar dus 54.18% van die variansie in die mate van psigologiese welsyn van Vrouens. By die Vrouens het die volgende veranderlikes, in kombinasie met al die

ander veranderlikes statisties betekenisvolle bydraes gelewer in die voorspelling van psigologiese welsyn: Positiewe Herinterpretasie en Groei (COPE_PRG,(+) $p = .0001$), Keer na Religie (COPE_TTR,(+) $p = .0009$), Ontkenning (COPE_D,(-) $p < .02$), Vermyding (CSI_A,(-) $p = .003$), Assertiewe Aksie (SACS_AAC,(+) $p = .02$) en Gelate Aanvaarding (CRI_AR,(+) $p = .03$). 'n Tendens tot betekenisvolle bydraes is ook gelewer deur Mentale onttrekking (COPE_MD,(-) $p = .07$).

Uit bogenoemde data blyk dit dat die belangrikste voorspellers vir die mate van psigologiese welsyn verskil by Mans en Vrouens, maar dat daar ook enkele ooreenkomste is. In beide gevalle speel Vermyding (-), Positiewe Herinterpretasie en Groei (+) en Aanvaarding (+) 'n groot rol. By Mans speel Logiese Analise (+) en Kognitiewe Vermyding (-) 'n belangrike rol, terwyl dit by Vrouens glad nie 'n betekenisvolle rol speel nie. 'n Keer na Religie (+) en Assertiewe Aksie (+) beïnvloed Vrouens se mate van psigologiese welsyn statisties betekenisvol, terwyl dit by Mans in die huidige ondersoekgroep glad nie 'n betekenisvolle rol speel nie.

Met die passing van bogenoemde meervoudige regressiemodel op die empiriese resultate van die Swart Groep is 'n redelike passing van die model verkry ($F = 2.18$, $p < .008$), en 'n prakties betekenisvolle R^2 van .627. Hiervolgens verklaar copingstyle 62.7 % van die variansie in die mate van psigologiese welsyn by die Swart subgroep. Slegs die subskaal Keer na Religie (COPE_TTR, (+) $p < .02$), het in die kombinasie met die ander veranderlikes 'n betekenisvolle bydrae gelewer.

By die Wit Groep jeugdige is 'n goeie passing van die model verkry ($F = 13.01$, $p < .0001$), en 'n $R^2 = .559$. Dus verklaar copingstrategieë 55.9 % van die variansie in die mate van psigologiese welsyn by hierdie groep. By die Wit Groep het die volgende veranderlikes in kombinasie met die ander veranderlikes statisties betekenisvolle bydraes gelewe: Beplanning (COPE_P,(+) $p = .05$), Onderdrukking van Kompetierende Aktiwiteite (COPE_SCA,(+) $p = .02$), Positiewe Herinterpretasie en Groei (COPE_PRG,(+) $p = .0001$), Mentale Onttrekking (COPE_MD,(-) $p = .02$), Alkohol- en Dwelm Ontvlugting (COPE_ADD,(-) $p = .003$), Assertiewe Aksie (SACS_AAC,(+) $p = .004$), Logiese Analise (CRI_LA,(+) $p = .05$), Vermyding (CSI_A,(-) $p = .0007$), en Gelate Aanvaarding (CRI_AR,(+) $p = .0001$). 'n Tendens

tot betekenisvolle bydraes is ook gelewer deur Ontkenning (COPE_D,(-) $p = .07$).

Aangesien die Swart Groep slegs een subskaal het wat 'n statisties betekenisvolle bydrae lewer, is dit moeilik om 'n vergelyking tussen die data van die Swart en Wit Groep te gee. By die Swart Groep het Keer na Religie 'n statisties betekenisvolle positiewe rol gespeel in die voorspelling van die mate van psigologiese welsyn, terwyl hierdie faktor nie 'n belangrike rol het in die voorspelling van die Wit Groep se mate van psigologiese welsyn nie (dit was egter die geval vir die vrouens). By die Wit Groep het Beplanning, Assertiewe Aksie, Onderdrukking van Kompetierende Aktiwiteite, Positiewe Herinterpretasie en Groei, Logiese Analise en Gelate Aanvaarding 'n positiewe invloed, en Mentale- en Alkohol en Dwelm-Onttrekking 'n betekenisvolle negatiewe invloed gehad.

Die feit dat slegs een skaal 'n statisties betekenisvolle voorspeller by die Swart Groep was, laat kommer ontstaan oor die bruikbaarheid van die coping-skale vir die Swart Groep in evaluering van copingstrategieë. Is die skale dalk nog te Westers saamgestel? Word daar te maklik aangeneem dat hierdie Westers-georiënteerde items ook op die Afrika-populasie toepasbaar is? Is daar nie 'n gaping in ons keuses van items en dit wat tipies ingesluit moet word vir die Afrika-kulture nie? Tog word 'n relatief groot persentasie van variansie in bogenoemde regressie-ontleding by die Swart Groep verklaar. Dit is waarskynlik so dat die onduidelike beeld van copingstrategieë wat psigologiese gesondheid by die Swart Groep moes voorspel, toe te skryf is aan die relatiewe lae betroubaarheid wat hierdie skale by die betrokke groep geopenbaar het.

6. FAKTORONTLEDING

Die hooffokus van hierdie ondersoek is die klarifikasie van coping as konstruk. Dit sal dus hier na aanleiding van die resultate van dié faktoranalise gedoen word. In die tweedeorde "principal components" faktoranalise met varimaks rotasie, is nege faktore met eigenwaardes groter as een, onttrek. Die faktorladings vir die nege-faktor oplossing word in Tabel 8 aangedui, sowel as die eigenwaardes, variansie verklaar deur elke faktor en die kommunaliteite van die veranderlikes.

Tabel 8: Varimaks-geroteerde faktor patroon, eigenwaardes en persentasies van totale variansie verklaar soos verkry vir alle copingveranderlikes vir die Totale Groep

Veranderlike	Faktor									Kommunaliteit
	1	2	3	4	5	6	7	8	9	
COPE_SER	.8982
SACS_SSS	.8378
COPE_SIR	.8272
CSI_SSS	.8067
CRI_SG	.663560
COPE_FVE	.6262
COPE_BD	.	.7767
COPE_D	.	.7462
SACS_A	.	.7375
COPE_MD	.	.6960
CSI_A	.	.54	.	.	.4259
SACS_AAC	.	-.64	.4665
COPE_SCA	.	.	.7462
COPE_AC	.	.	.7166
COPE_P	.	-.30	.6969
COPE_RC	.	.	.5860
CSI_PS	.	.	.54	.	.	.4461
COPE_PRG	.	.	.5043	.	.62
SACS_ASA75	-.30	.73
SACS_AGA7475
SACS_IAC7160
SACS_IDA	.	.31	.	.6258
CRI_AR7669
CRI_CA	.	.32	.	.	.7467
CRI_ED6262
CRI_PS7464
CRI_PR7163
CRI_LA34	.5754
CRI_SR42	.4544
SACS_SJ	.3863	.	.	.60
SACS_CAC	.	.	.4753	.	.	.60
COPE_A73	.	.62
COPE_TTR70	.67
COPE_ADD	.	.44	-.37	.	-.52	.64
Eigenwaardes	6.2	4.4	3.13	1.98	1.66	1.36	1.18	1.16	1.03	
Variansie	4.11	3.79	3.25	2.40	2.20	2.17	1.39	1.37	1.30	

6.1. Interpretasie van faktore

Faktor 1: Soeke na Sosiale en Emosionele Ondersteuning

Die eerste faktor verklaar 4.11 van die totale variansie. Subskale wat hierop laai, is Soeke na Sosiale Ondersteuning (SACS_SSS en CSI_SSS), Soeke na Sosiale Ondersteuning vir Emosionele en Instrumentele Redes (COPE_SER en _SIR), Soeke na Leiding (CRI_SG) en Fokus op, en Ventilering van Emosies (COPE_FVE). Soeke na sosiale ondersteuning het 'n emosionele sowel as instrumentele sy. Die soeke na instrumentele sosiale ondersteuning verwys na pogings om leiding, advies of informasie te verkry, wat meer na die probleemgefokusde sy van coping neig. Deur te gesels met persone wat soortgelyke ervarings gehad het om uit te vind watter stappe hulle geneem het, of met 'n persoon te konsulteer wat iets konkreet aan die probleem kan doen, val ook in hierdie kategorie van soeke na sosiale ondersteuning.

Daarteenoor behels emosionele sosiale ondersteuning die soeke na morele ondersteuning, aanmoediging, simpatie, begrip of somer net menslike kontak (Carver, Scheier & Weintraub, 1989). Die feit dat Fokus op, en Ventilering van Emosies ook op hierdie faktor laai, dui daarop dat sosiale ondersteuning ook gevind word in die ekspressie, deel, en ventilering van gevoel, sowel as om aangehoor te word (Amirkhan, 1994; Pearlin & Schooler, 1978). Hierdie is 'n prososiale copingmeganisme en werk die effektiwiefste in situasies waar die stressor onveranderbaar is (Folkman & Lazarus, 1985; Hobfoll et. al., 1994).

Faktor 2: Aktiewe Vermydingscoping

Die tweede faktor verklaar 3.79 van die totale variansie. Subskale wat die sterkste hierop laai, is Gedrags- en Mentale Onttrekking (COPE_BD en _MD), Ontkenning (COPE_D) en Vermydning (SACS_A en CSI_A). Die faktor beskryf die aktiewe, bewuste vermyding van die hantering/erkenning van 'n stressor deur middel van die implementering/staking van ander aktiwiteite met die doel om die aandag van die probleem te verskuif of die ontkenning van die problematiek. 'n Persoon kan alle pogings om die probleem te probeer verlig, staak of verminder, hom/haar verbeel dat die stressor nie bestaan/werklik is nie, meer slaap, televisie kyk, ensovoorts.

Hierdie wyse van cope kan persoongeoriënteerd (sosiale afleiding) of taakgeoriënteerd wees (Endler & Parker, 1994; Amirkhan, 1994).

Vermydning word meestal benut wanneer 'n persoon 'n swak copinguitslag verwag (Carver et al., 1989). Soms kan vermydingscoping lei tot gesonde aanpassing, omdat dit beskerming bied teen swakke copingstyle (byvoorbeeld om eerder 'n konfliktsituasie te vermy as om 'n aggressiewe uitbarsting te inisieer), maar oor die algemeen blokkeer dit meer positiewe copingpogings.

Alkohol en Dwelm-Ontvlugting (COPE_ADD), wat hoër laai op faktor 9, toon ook 'n redelike lading hier, en kan ook soms as 'n aktiewe vorm van vermydingscoping gebruik word. Die inname van alkohol/dwelms blokkeer/vertraag die benadering/hantering/oplossing van 'n stresvolle situasie.

Assertiewe Aksie (SACS_AAC) en Beplanning (COPE_P) het 'n negatiewe lading op die faktor. Dit kan dus gesê word dat vermydingscoping soos in hierdie faktor beskryf, gepaard gaan met die afwesigheid van assertiewe en beplanningscopingstrategieë. Hierdie faktor verklaar 3.79 van die totale variansie.

Faktor 3: Aktiewe, Gefokusde, Probleemoplossingscoping

Faktor 3 verklaar 3.25 van die totale variansie. Subskale wat hierop laai, is Onderdrukking van Kompetierende Aktiwiteit (COPE_SCA), Aktiewe Coping (COPE_AC), Beplanning (COPE_P), Selfbeheersing (COPE_RC), Probleemoplossing (CSI_PS) en Positiewe Herinterpretasie en Groei (COPE_PRG). Hierdie is 'n aktiewe, konfronterende benadering wat gepaard gaan met beplanning van stappe om die probleem te hanteer, die uitstel van ander aktiwiteite wat 'n persoon se aandag van die huidige probleem kan aflei en die uitstel van die copingaksie totdat die mees ideale tydskedule om die optimum effek te verseker. Verder toon so 'n persoon deursettingsvermoë en gee nie gou moed op in die hantering van die probleem nie. Indien dit 'n onveranderbare situasie/stressor is, sou die persoon die situasie positief kan herinterpreteer en leer uit die ervaring. Hierdie tipe copingstyl is dus 'n breë groep handeling wat uit 'n klomp verskillende aksies kan bestaan.

Dit blyk dat die term probleemgefokus, wat deur outeurs soos Carver et al. (1989) en Lazarus en Folkman (1984) gebruik word, ander verwante assosiasies en komponente het soos taakgeoriënteerdheid (Endler & Parker, 1994) en assertiewe aksie (Hobfoll et al., 1994a/b). Daar is nie 'n enkele allesomvattende term nie. Bogenoemde prosesse verwys egter ook almal oor die algemeen na aktiewe, assertiewe, benaderende eerder as vermydende gedragspogings om die stres te probeer verminder, elimineer of beheer. Die aktiewe benadering wat gepaard gaan met probleemgefokusde coping as sodanig is nie die alleen veranderlike wat verantwoordelik is vir gesonde coping nie. Gesonde coping is aktief en prososiaal, met ander woorde dit is nie tot nadeel van die persoon wat dit toepas of die persone teen wie dit gerig word nie (Hobfoll et al., 1994b, Sullivan, 1953). Hobfoll (1994b) onderskei tussen prososiale aktiewe coping (die positiewe benutting van sosiale bronne) en antisosiale aktiewe coping (aggressief en passief-aggressief).

In navorsing is gevind dat probleemgefokusde coping 'n positiewe rol speel in situasies waar die stressore veranderbaar is (Vitaliano, DeWolfe, Maiuro, Russo, Katon, 1990) en 'n groter hoeveelheid bronne beskikbaar is (Holahan & Moos, 1987). Daar is 'n negatiewe verband tussen probleemgefokusde coping en depressie (Ebata en Moos, 1991).

Faktor 4: Antisosiale Coping

Hierdie faktor verklaar 2.40 van die totale variansie. Subskale wat die sterkste op hierdie faktor laai, is Antisosiale, Aggressiewe, Instinktiewe en Indirekte Aksie (SACS_ASA, _AGA, _IAC en _IDA). Hierdie faktor omvat copingwyses wat teen die sosiale norms beweeg, nie sosiaal aanvaarbaar is nie, indirek is, onbepland is of aggressief van aard word. 'n Persoon wat hierdie copingvoorkeur toon se gedrag kan gekenmerk word deur navolging van die instinkte en impulse. Ter wille van sy/haar eie belange sal so 'n individu ander persone manipuleer en te na kom. Volgens die literatuur (Hobfoll et al., 1994b; Kleinke, 1991) is hierdie tipe coping meer negatief van aard, en bevorder dit nie gesonde aanpassing nie. Die feit dat Antisosiale en Indirekte Aksie in dieselfde faktor groepeer, sluit aan by Hobfoll et al. (1994b) se Multi-As-Model waar Indirekte Aksie in die antisosiale domein lê.

Faktor 5: Passiewe Vermydingscoping

Die vyfde faktor verklaar 2.2 van die totale variansie. Subskale wat die sterkste hierop laai, is Gelate Aanvaarding, Kognitiewe Vermyding en Emosionele Ontlading (CRI_AR, _CA en _ED). In kontras met faktor 2, wat meer aktiewe vermyding is, word hierdie faktor meer gekenmerk deur passiewe vermyding: angswekkende stimuli word hanteer deur dit net te aanvaar sonder enige pogings om die situasie te verbeter; die bestaan van die stressor kognitief te ontken/vermy of emosioneel te ventileer sonder om tot probleemoplossende aksie oor te gaan. Emosionele Ventilasië (CRI_ED) soos hier gemeet, is dus nie 'n positiewe emosionele copingwyse nie, maar eerder net 'n ontlading en dalk 'n meganisme om die konfrontering van die probleem te vermy.

Die tipe vermyding wat in bogenoemde faktor beskryf is, hou verband met prosesse soos selfpreokkupasie en fantasie (Freud, 1971), ontkenning en losmaking (Miller, 1987), en intellektualisering (Roth & Cohen, 1986). Vermyding kan ook geassosieer word met verskynsels soos "helplessness" (Carver et al., 1989), passiwiteit (Hobfoll et al., 1994) en selfs ontspanning, wat die gedragseffek is van kognitiewe ontkenning (Miller, 1987).

Faktor 6: Kompenserende Probleemgefokusde Coping

Hierdie faktor verklaar 2.17 van die totale variansie. Subskale wat hierop laai, is Probleemoplossing, Positiewe Herinterpretasie, Logiese Analise en Soeke na Alternatiewe Belonings (CRI_PS, _PR, _LA en _SR). Moos (1993) se CRI-benaderingskale laai op hierdie faktor. Die probleem word dus benader op 'n kognitiewe of gedragswyse. Hierdie faktor beskryf die hantering van 'n probleem deur middel van gedragspogings om die stressor te elimineer of belonings op ander lewensgebiede in te win, indien die huidige stressor nie opgelos kan word nie. Die persoon kan ook kognitief probeer om die probleem te analiseer om die nodige stappe van aksie te bedink. Indien die situasie onveranderbaar is, word die positiewe aspekte van die situasie uitgelig. In onderskeiding met faktor 3, wat ook 'n konfrontering van die stressor inhou en neerkom op oplossing van die probleem, blyk dit dat hierdie faktor 'n meer kompensatoriese probleemoplossingselement het en meer spesifieke en afgebakende aksies inhou (kognitiewe- en gedrags-benaderingscoping), as in die geval van faktor 3 wat 'n wyer reeks van aksies inhou.

Faktor 7: Versigtige Prososiale Coping

Die sewende faktor verklaar 1.39 van die totale variansie. Subskale wat die sterkste hierop laai, is Sosiale Aansluiting en Versigtige Aksie (SACS_SJ en _CAC). Hierdie faktor behels die versigtige, dink-voor-daar-oorgegaan-word-tot-aksie-benadering in 'n groepsopset/deur middel van die ondersteuning wat in groepsverband aangebied word. Daar word vorentoe beweeg met die hantering van die probleem, maar alle bronne word nie onmiddellik benut nie. Ander persone word in ag geneem, aangesien daar van die standpunt uitgegaan word dat deur ander te help, jy jouself help. Hierdie is dus 'n baie prososiale copingmeganisme. Volgens Hobfoll et al. (1994a) gebruik vrouens meer dikwels hierdie copingstyl, teenoor mans wat meer gebruik maak van antisosiale, aggressiewe style, soos ook in hierdie studie se resultate bevind is.

Faktor 8: Aktiewe Aanvaarding en Herinterpretasie

Hierdie faktor verklaar 1.37 van die totale variansie. Die skaal wat hierop laai, is Aanvaarding (COPE_A). Aanvaarding dui op 'n konfrontering, maar nie vermindering of oplossing nie, van die stressor. Hierdie is 'n aktiewe copingmeganisme, aangesien die situasie eers aanvaar word na alle probleemgefokusde copingpogings aangewend is om die situasie te probeer verlig, en nie om die hantering van die situasie uit te stel/blokkeer nie (soos Gelate Aanvaarding (CRI_AR)). Die werklikheid van die situasie word aanvaar, sowel as die feit dat daar niks aan te doen is nie. Hierdie tipe coping is mees effektief in situasies waar die stressor onveranderbaar is (Carver et al., 1989). Positiewe Herinterpretasie en Groei (COPE_PRG) laai ook op hierdie faktor, wat daarop dui dat daar ook 'n mate van positiewe herwaardering plaasvind. Die probleem word van 'n ander perspektief beskou om dit meer positief te laat lyk. 'n Persoon kan ook persoonlik groei as resultaat van die ervaring.

Faktor 9: Geloofsverankering

Die laaste faktor verklaar 1.30 van die totale variansie. Die skaal wat hierop laai, is Keer na Religie (COPE_TTR). Hierdie faktor dui op 'n religieuse of geloofsgerigtheid wat as copinghulpmiddel gebruik word in 'n stresvolle tyd. Hierdie copingstrategie gaan gepaard met aksies/stellings soos: "Ek plaas my vertroue in God" of "Ek bid meer as gewoonlik". Hierdie copingstyl kan dien as 'n bron van emosionele ondersteuning en positiewe herinterpretasie of as

'n taktiek vir aktiewe coping (Carver, Scheier & Weintraub, 1989). 'n Ontvlugting in Alkohol en Dwelms is afwesig by hierdie copingstyl.

6.2. Evaluering

Uit die resultate van hierdie ondersoek blyk dit dat coping(sub)skale wat deur verskillende outeurs ontwikkel is, en wat soms dieselfde, maar soms verskillende name het na dieselfde, onderliggende velde of prosesse verwys, soos by bogenoemde faktore aangedui is. Dit gebeur egter ook soms dat skale van verskillende outeurs wat dieselfde name het in hierdie ondersoek op verskillende faktore laai, byvoorbeeld CSI_PS (faktor 3), en CRI-PS (Faktor 6) en dat hier dus verskillende onderliggende prosesse ter sprake is. Die faktorontleding wat in hierdie studie gedoen is, bied steun vir die konseptualisering van die aard van coping met behulp van bekende konstrunkte, maar bring ook 'n aantal nuwe dimensies van coping onder die aandag. Heelwat van die COPE se subskale, naamlik Fokus op, en Ventilering van Emosie en Soeke na Sosiale Ondersteuning vir Emosionele en Instrumentele Redes (COPE_FVE, COPE_SER en _SIR) laai hier op Soeke na Sosiale en Emosionele Ondersteuning, wat dan ook die faktor is wat die meeste variansie verklaar. Verder groepeer ander subskale om die konstrunkte Aktiewe vermyding en Aktiewe Probleemgefokusde Coping te vorm. Die subskale Aanvaarding en Keer na Religie vorm hulle eie faktore en dui dus daarop dat hierdie copingmeganismes eiesoortig is, en ook baie relevant is vir die huidige studiegroep.

Net soos in Amirkhan (1990; 1994) se navorsing, blyk dit dat die drie belangrikste faktore, naamlik Probleemoplossing, Soeke na Sosiale Ondersteuning en Vermyding, ook in die huidige studie die drie faktore is wat die grootste variansie verklaar. Dit wil dus voorkom of die CSI 'n baie goeie breë beskrywing gee van die belangrikste copingmeganismes. Daar sal dus gesê kan word dat dié drie kategorieë die belangrikste copingvelde omvat. Die SACS en die CRI lewer egter ook relevante bydraes. Die SACS-skale laai op twee verskillende faktore om innoverende byvoegings tot die reeds-bestaande konstrunkte te maak, soos Antisosiale Coping en Versigtige, Prososiale Coping. Die CRI se subskale vorm amper geheel en al op hul eie 2 verskillende faktore, naamlik Passiewe Vermyding en Kompenserende Probleemgefokusde Coping. Alhoewel daar reeds soortgelyke faktore geïdentifiseer is (Aktiewe Vermyding, Aktiewe,

Gefokusde Probleemoplossingscoping), blyk dit dat hierdie faktore wel uniek van aard is, en 'n betekenisvolle mate van variasie in copinggedrag verklaar.

6.3. Faktorontleding by die subgroepe

6.3.1. Faktorontleding by die Mans en Vroue

6.3.1.1. Faktorontleding by die Mans

In die tweedeorde "principal components" faktoranalise met varimaks rotasie, is nege faktore met eigenwaardes groter as een, onttrek. Die faktorloadings vir die nege-faktor oplossing is aangetoon in Tabel 9, sowel as die eigenwaardes, variansie verklaar deur elke faktor en die kommunaliteite van die veranderlikes. Aangesien die konstrukklarifikasie van coping meerendeels afhanklik is van die faktoranalise-resultate wat vir die Totale Groep verkry is, sal die resultate wat verkry is vir die subgroepe nie so breedvoerig beskryf word nie, en hoofsaaklik net afwykings van die globale patroon aangedui word.

Die faktore wat onttrek is vir die Mans toon redelike ooreenstemming met die faktore wat vir die Totale Groep onttrek is. Daar is hier en daar net 'n effense skommelings van die subskale. Faktore wat die meeste ooreenstem met dié wat by die Totale Groep gevind is, is Soeke na Sosiale en Emosionele Ondersteuning (waarby Sosiale Aansluiting (SACS_SJ) ook nou val), Passiewe en Aktiewe Vermyding, Aktiewe, Gefokusde Probleemoplossingscoping, Geloofsverankering en Aktiewe Aanvaarding en Herinterpretasie. Mans se Aktiewe Vermydingscoping-repertoire word verbreed met die byvoeging van Alkohol- en Dwelm-Ontvlugting. Hierdie faktor kan dalk herbenoem word as Aktiewe Vermyding en Ontvlugting. Versigtige Aksie val nou onder Aktiewe, Gefokusde Probleemoplossingscoping. Dit wil dus voorkom asof mans se Aktiewe Probleemoplossingscoping-repertoire redelik breed is.

Tabel 9: Varimaks-geroteerde faktor patroon, eigenwaardes en persentasies van totale variansie verklaar soos verkry vir alle copingveranderlikes by Mans

Veranderlike Kommunaliteit	Faktor									
	1	2	3	4	5	6	7	8	9	
COPE_SER	.8879
COPE_SIR	.8377
CSI_SSS	.8375
SACS_SSS	.8170
CRI_SG	.633759
COPE_FVE	.5832	.	.	.54
SACS_SJ	.4946	.	.58
SACS_A	.	.7577
COPE_D	.	.7468
COPE_BD	.	.7268
COPE_MD	.	.7261
CSI_A	.	.5930	.39	.	.	.67
COPE_ADD	.	.48	.	.42	.	.	.	-.32	.	.63
SACS_AAC	.	-.66	.5174
COPE_P	.	-.33	.7469
COPE_RC	.	.	.7164
COPE_AC	.	.	.68	.3371
CSI_PS	.	.	.6470
COPE_SCA	.	.	.6452
COPE_PRG	.	.	.59	.	.3657
SACS_CAC	.	.	.5336	.61
SACS_ASA8681
SACS_AGA7769
CRI_PR7162
CRI_PS6762
CRI_LA54	.	.38	.	.	.62
CRI_CA	.	.337774
CRI_AR7572
CRI_SR41	.4148
CRI_ED64	.	.	.67
COPE_TTR	.	.	.	-.36	.31	.	-.39	.	.	.63
SACS_IAC3168	.	.64
SACS_IDA	.	.32	.	.3534	.	.47
COPE_A81	.73
Eigenwaardes	5.9	4.8	3.27	1.88	1.77	1.32	1.26	1.19	1.1	
Variansie	4.23	4.01	3.81	2.24	2.14	1.79	1.47	1.44	1.38	

Anders as by die resultate van die Totale Groep, vorm Antisosiale Aksie (SACS_ASA) en Aggressiewe Aksie (SACS_AGA) 'n aparte faktor (4) teenoor Instinktiewe en Indirekte Aksie (SACS_IAC en _IDA) wat saam Faktor 8 vorm. Faktor 4 en 8 sou dus onderskeidelik as Antisosiale en Aggressiewe Coping, en Instinktiewe en Indirekte Coping beskou kan word. Dit blyk dus dat antisosiale en aggressiewe copingstrategieë by Mans anders funksioneer as instinktiewe en indirekte copingstrategieë.

Emosionele Ventilasië vorm by Mans sy eie faktor (7). Mans gebruik Emosionele Ventilasië (CRI_ED) op 'n unieke wyse geassosieer met vermyding, maar ook met Logiese Analise (CRI_LA) (sien Faktor 7). Keer na Religie (COPE_TTR) laai negatief op hierdie faktor, wat moontlik daarop dui dat Mans wat geneig is tot emosionele ontlasting, minder sterk religieus veranker is. Religie word deur Mans gebruik as 'n bron vir positiewe herinterpretasie en probleemoplossing aangesien TTR positief laai op Faktor 5 (Kompenserende Probleemgefokusde Coping). Verder laai TTR ook negatief op die skale wat Antisosiale Coping verteenwoordig (sien Faktor 4), wat verder daarop dui dat dit 'n prososiale copingstrategie is.

6.3.1.2. Faktorontleding by die Vrouens

In die tweedeorde "principal components" faktoranalise met varimaks rotasie, is agt faktore met eigenwaardes groter as een onttrek. In Tabel 10 word die faktorloadings vir die agt-faktor oplossing aangetoon, sowel as die eigenwaardes, variansie verklaar deur elke faktor en die kommunaliteite van die veranderlikes.

Die 8 faktore wat onttrek is uit die Vrouens se data toon 'n groot ooreenkoms met dié van die Totale Groep. Die volgende faktore stem ooreen met die wat verkry is vir die Totale Groep: Soeke na Sosiale en Emosionele Ondersteuning (Faktor 1), Aktiewe Vermyding (Faktor 2), Aktiewe, Gefokusde Probleemoplossingscoping (Faktor 3), Antisosiale coping (Faktor 4), Passiewe Vermyding (Faktor 5), Versigtige Prososiale Coping (Faktor 7) en Kompenserende Probleemgefokusde Coping (Faktor 6).

Tabel 10: Varimaks-geroteerde faktor patroon, eigenwaardes en persentasies van totale variansie verklaar soos verkry vir alle copingveranderlikes by Vrouens

Veranderlike	Faktor								Kommunaliteit
	1	2	3	4	5	6	7	8	
COPE_SER	.9084
SACS_SSS	.8581
COPE_SIR	.8173
CSI_SSS	.7966
CRI_SG	.6631	.	.	.63
COPE_FVE	.6260
COPE_BD	.	.7765
COPE_D	.	.7060
SACS_A	.	.68	-.3875
COPE_ADD	.	.6051
COPE_MD	.	.58	.	.32	.3256
SACS_AAC	.	-.62	.4764
COPE_SCA	.	.	.7460
COPE_AC	.	.	.6966
COPE_P	.	.	.6469
COPE_RC	.	.38	.4858
SACS_ASA7466
SACS_IAC7460
SACS_AGA	.	.	.37	.7167
SACS_IDA6859
CRI_CA7670
CRI_ED7167
CRI_AR7058
CSI_A	.	.39	.	.	.4949
CRI_PS74	.	.	.64
CRI_PR73	.	.31	.67
CRI_LA39	.54	.	.	.59
CSI_PS	.	.	.47	.	.	.48	.	.	.59
CRI_SR39	.46	.	.	.44
SACS_SJ	.3368	.	.61
SACS_CAC	.	.	.4063	.	.62
COPE_PRG	.	.	.4263	.69
COPE_A33	.60	.49
COPE_TTR	.	-.3146	.42
Eigenwaardes	6.38	4.49	2.95	2.05	1.74	1.4	1.29	1.04	
Variansie	4.07	3.63	2.99	2.63	2.54	2.23	1.72	1.57	

Op Faktor 8 laai die subskale Aanvaarding (COPE_A), Positiewe Herinterpretasie en Groei (COPE_PRG) en Keer na Religie (COPE_TTR). Dit wil dus voorkom asof die Vrouens religie meestal gebruik om 'n situasie positief te herwaardeer en aanvaar. Hierdie faktor sou moontlik herbenoem kon word as Geloofsaanvaarding en Groei.

6.3.1.3. Vergelyking van die resultate van die faktorontledings soos verkry vir die Mans en Vrouens.

Dit blyk dat die faktore Soeke na Sosiale en Emosionele Ondersteuning en Aktiewe Vermydning uit ongeveer dieselfde komponente bestaan by Mans en Vrouens (vergelyk Faktore 1 en 2). Die enigste verskil by Soeke na Sosiale en Emosionele Ondersteuning is dat vir Mans die copingstrategie van Sosiale Aansluiting (SACS_SJ) ook in hierdie kategorie val. Dit blyk dat daar wel 'n aantal verskille is met betrekking tot die ander faktore. Aktiewe, Gefokusde Probleemoplossingscoping sluit by mans 'n groter variasie van copingvaardighede in. Waar vrouens net gebruik maak van aktiewe gedragspogings (SACS_AAC; COPE_AC), Bepanning (COPE_P), Selfbeheersing (COPE_RC) en die Onderdrukking van Kompetierende Aktiwiteite (COPE_SCA), gebruik mans ook Positiewe Herinterpretasie en Groei (COPE_PRG) en Versigtige Aksie (SACS_CAC) om probleme aktief op te los.

By Vrouens groepeer Antisosiale, Instinktiewe, Indirekte en Aggressiewe Aksie (SACS_ASA, _IAC, _IDA en _AGA) as vorme van Antisosiale Coping, terwyl daar by Mans 'n verskil is tussen Antisosiale en Aggressiewe Aksie copingstrategieë enersyds, en Instinktiewe en Indirekte Aksie as copingstyl andersyds. Dit blyk dat by Mans Soeke na Alternatiewe Belonings deel vorm van 'n Passiewe Vermydningstrategie (sien Faktor 6, Tabel 9) terwyl die Vrouens dit gebruik as 'n vorm van Kompenserende Probleemgefokusde Coping (sien Faktor 6, Tabel 10). Ten slotte blyk dit dat dat beide die Mans en Vroue religie benut as 'n bron van positiewe herinterpretasie, maar dat Mans dit ook benut as deel van Kompenserende Probleemgefokusde Coping.

6.3.2. Faktorontleding by die Wit en Swart Groepe.

6.3.2.1. Faktorontleding by die Wit Groep

Agt faktore met eigenwaardes groter as een is in die tweedeorde faktoranalise onttrek. In Tabel 10 word die faktorladings vir die agt-faktor oplossing aangetoon, sowel as die eigenwaardes, variansie verklaar deur elke faktor en die kommunaliteite van die veranderlikes.

Die volgende faktore wat onttrek is uit die Wit Groep se data stem ooreen met dié wat onttrek is vir die Totale Groep: Soeke na Sosiale en Emosionele Ondersteuning (Faktor 1, waarby Sosiale Aansluiting ook nou val), Aktiewe Vermydning (Faktor 2), Kompenserende Probleemgefokusde Coping (Faktor 4, waarby die CSI-subskaal Probleemoplossing ook nou val), Antisosiale Coping (Faktor 5), Passiewe Vermydning (Faktor 7) en Geloofsverankering (Faktor 8).

Faktor 3 se samestelling van subskale verskil van die Totale Groep s'n in die sin dat hierdie faktor minder subskale bevat. Hierdie faktor sou moontlik herbenoem kon word as Aktiewe Coping in plaas van Aktiewe, Gefokusde Probleemoplossingscoping. Op Faktor 6 laai die subskale Versigtige Aksie (SACS_CAC), Selfbeheersing, Aanvaarding en Positiewe Herinterpretasie en Groei (COPE_RC, _A en _PRG). Hierdie faktor kan moontlik Versigtige en Selfbeheersende Coping benoem word. Dit blyk dus of daar 'n neiging by die Wit Groep is om situasies versigtig en selfbeheersd te benader, en indien dit 'n onoplosbare situasie is, dit te aanvaar en die klem te verskuif na die positiewe aspekte van die saak.

Tabel 11: Varimaks-geroteerde faktor patroon, eigenwaardes en persentasies van totale variansie verklaar soos verkry vir alle copingveranderlikes vir die Wit Groep

Veranderlike	Faktor								Kommunaliteit
	1	2	3	4	5	6	7	8	
COPE_SER	.9183
SACS_SSS	.8881
COPE_SIR	.8374
CSI_SSS	.8371
CRI_SG	.68	.	.	.3264
COPE_FVE	.6262
SACS_SJ	.4341	.	.32	.48
COPE_BD	.	.7664
COPE_D	.	.7663
COPE_MD	.	.7061
SACS_A	.	.70	-.3974
CSI_A	.	.5938	.	.57
SACS_AAC	.	-.62	.4665
COPE_SCA	.	.	.7360
COPE_AC	.	.	.6668
COPE_P	.	-.30	.51	.	.	.49	.	.	.70
CRI_PS7564
CRI_PR7060
CRI_LA5850
CSI_PS	.	.	.36	.55	.	.30	.	.	.59
SACS_ASA75	.	.	-.36	.74
SACS_IAC7359
SACS_AGA	.	.	.43	.	.7073
SACS_IDA	.	.32	.	.	.6454
SACS_CAC69	.	.	.56
COPE_RC67	.	.	.60
COPE_A47	.	.36	.42
COPE_PRG	.	.	.30	.32	.	.46	.	.	.54
CRI_AR77	.	.66
CRI_CA	.	.3374	.	.67
CRI_ED30	.	.	.57	.	.61
CRI_SR44	.	.	.51	.	.52
COPE_TTR65	.60
COPE_ADD	.	.39	-.56	.50
Eigenwaardes	6.14	4.61	3.33	1.97	1.68	1.31	1.21	1.06	
Variansie	4.28	3.71	2.45	2.44	2.43	2.28	2.20	1.50	

6.3.2.2. Faktorontleding by die Swart Groep

Tien faktore met eigenwaardes groter as een is in die tweedeorde faktoranalise onttrek. In Tabel 10 word die faktorladings vir die tien-faktor oplossing aangetoon, sowel as die eigenwaardes, variansie verklaar deur elke faktor en die kommunaliteite van die veranderlikes. Aangesien heelwat subskale relatief lae betroubaarheidsindekse by die Swart Groep getoon het, moet die resultate van hierdie faktorontleding as tentatief beskou word, en moet die bevindinge met groot versigtigheid bejeën word.

Die grootste aantal faktore met eigenwaardes groter as 1 word by die Swart Groep se resultate onttrek. Die volgorde waarin die faktore onttrek is, verskil ook van dié wat verkry is vir die Totale Groep, Mans versus Vrouens en die Wit Groep. Die volgende paar faktore stem egter ooreen met die reeds-beskrewe faktore wat vir die Totale Groep gevind is: Soeke na Sosiale en Emosionele Ondersteuning (Faktor 2), Aktiewe en Passiewe Vermyding (Faktore 4 en 8), Antisosiale Coping (Faktor 5), Kompenserende Probleemgefokusde Coping (Faktor 6, waarby Soeke na Leiding ook nou val) en Geloofsverankering (Faktor 9).

Aktiewe Probleemoplossing, soos gemanifesteer by die groepering van die subskale by die Totale Groep (sien tabel 8), kom anders tot uitdrukking by die Swart Groep. Die probleemgefokusde skale verdeel in twee faktore (faktore 1 en 3). Die faktore se aard toon heelwat ooreenkomste, maar daar blyk ook aksentverskille: dit lyk asof faktor 1 'n meer planmatige probleemgefokusde tipe coping aandui, terwyl faktor 3 meer op selfbeheersing en positiewe herinterpretasie dui. Faktor 1 en 3 sou onderskeidelik herbenoem kon word as Assertiewe Probleemoplossing, en Aktiewe, Selfbeheersde Coping.

Tabel 12: Varimaks-geroteerde faktor patroon, eigenwaardes en persentasies van totale variansie verklaar soos verkry vir alle copingveranderlikes by die Swart Groep

Veranderlike	Faktor										Kommunaliteit
	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	
CSI_PS	.7671
SACS_AAC	.7465
COPE_P	.52	.	.4269
SACS_A	-.55	.	.	.36	.3030	.73
COPE_BD	-.62	.	.	.4669
CSI_SSS	.	.8072
COPE_SER	.	.7172
COPE_SIR	.	.6861
SACS_SSS	.	.584770
SACS_SJ	.36	.53	.	.	.4365
COPE_RC	.	.	.8074
COPE_SCA	.	.	.6468
COPE_PRG	.	.	.5933	.67
COPE_AC	.39	.	.483670
CSI_A7266
COPE_D6864
COPE_MD57	-.32	.	.60
SACS_AGA8069
SACS_ASA7868
SACS_IDA54	-.44	.55
CRI_PR7771
CRI_PS7166
CRI_LA63	.	.38	-.37	.	.76
CRI_SG	.	.475469
COPE_A7671
SACS_CAC	.376070
SACS_IAC40	.	.50	-.41	.	.	.78
CRI_AR79	.	.	.75
CRI_ED	.	.4454	.	.	.75
CRI_CA4950	.	.	.72
COPE_TTR70	.	.71
COPE_ADD	-.52	-.57	.	.68
CRI_SR64	.61
COPE_FVE	-.39	.43	-.48	.72
Eigenwaardes	6.6	3.6	2.67	2.02	1.92	1.62	1.46	1.32	1.16	1.04	
Variansie	3.57	3.31	2.55	2.51	2.44	2.37	1.99	1.81	1.58	1.42	

Faktor 7 is 'n kombinasie van die subskale Aanvaarding (COPE_A), Versigtige en Instinktiewe Aksie (SACS_CAC en _IAC). Dit mag wees dat die Swart Groep gebruik maak van 'n versigtige benadering en dan reageer wanneer dit instinktief reg voel. Dit word dan ook aanvaar indien omstandighede onveranderd bly na die instinktiewe reaksie. Hierdie hipotese sal egter deur verdere navorsing geverifieer moet word. Hierdie faktor kan tentatief benoem word as Gelatenheid.

Die subskaal Soeke na Alternatiewe Belonings (CRI_SR) vorm sy eie faktor. Die skale Indirekte Aksie (SACS_IDA) en Fokus op en Ventilasië van Emosie (COPE_FVE) laai negatief op hierdie faktor, wat daarop dui dat hierdie copingstyl nie gepaard gaan met indirektheid of emosionaliteit nie, maar eerder 'n probleemgefokusde, direkte aard het. Die resultate en interpretasies wat op grond van hierdie faktoranalise gemaak is, moet met versigtigheid hanteer word, aangesien die swak betroubaarheidsindekse wat deur die Swart Groep verkry is, kon veroorsaak het dat daar nie duidelik definieerbare faktore gevorm is nie.

6.3.2.3. Vergelyking van die resultate van die faktorontledings soos verkry vir die Wit en die Swart Groepe

Ten eerste blyk dit dat die Swart Groep se resultate 'n kompleksere beeld na vore bring as dié van die Wit Groep, en is die Swart Groep se faktore minder duidelik definieerbaar as die Wit Groep se faktore. Soos reeds voorheen genoem, mag die swak betroubaarheidsindekse wat vir die Swart Groep se resultate verkry is, as verklarings hiervoor dien. By die Swart Groep het Aktiewe Probleemoplossing in twee aparte faktore gemanifesteer naamlik Assertiewe Probleemoplossing, en Aktiewe, Selfbeheersde Coping. 'n Moontlike verklaring hiervoor mag wees dat die Swart Groep se Aktiewe Probleemoplossingsvaardighede meer gedifferensieerd is as dié van die Wit Groep om te kan oorleef in die voorafgaande jare van apartheid. Die subskale Versigtige Aksie (SACS_CAC), Aanvaarding (COPE_A), Selfbeheersing (COPE_RC) en Positiewe Herinterpretasie en Groei (COPE_PRG) vorm saam die faktor Versigtige en Selfbeheersende Coping (sien Faktor 6, tabel 11) by die Wit Groep. By die Swart Groep vorm die skale Versigtige Aksie (SACS_CAC) en Aanvaarding (COPE_A) saam met Instinktiewe Aksie (SACS_IAC) die faktor Gelatenheid (sien Faktor 7, tabel 12). By die Swart Groep is daar meer 'n mate van vertroue op instinktiewe optrede, teenoor die meer

probleemgefokusde, selfbeheersde neiging by die Wit Groep. Hierdie verskynsel sal deur verdere navorsing ondersoek moet word om meer duidelikheid te verkry.

'n Aantal outeurs (Hui, 1988; Triandis, Bontempo, Villareal, Asai, Lucca, 1988; Triandis, McCusker, Hui, 1990) meen dat die blanke Westerse kultuur meer individualisties ingestel is as die Afrika-kultuur wat meer groepsgeoriënteerd/kollektiwisties is. Daar sou dus verwag word dat die subskaal Indirekte Aksie (SACS_IDA) met meer prososiale copingsubskale sou groepeer. Hobfoll et al. (1994b) se model dui egter aan dat Indirekte Aksie nader sou wees aan Antisosiale Aksie. Uit die faktorontleding vir die Swart Groep blyk dit dat dié skaal met Antisosiale en Aggressiewe Aksie groepeer wat Hobfoll et al. (1994b) se model dus bevestig. Hierdie diskrepansie kan moontlik toegeskryf word aan die Swart subgroep se blootstelling en assimilasië met 'n meer westerse studentekultuur of dat die hipoteses oor verskille foutief was.

7. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gevind dat die betroubaarheidskoeffisiënte van skale soos hier gevind bevredigend is, en dat die gemiddeldes van skale min of meer (op enkele uitsonderings na) ooreenstem met dié wat in die literatuur gerapporteer word vir soortgelyke groepe. Verskille en ooreenkomste tussen Mans versus Vrouens en Wit versus Swart Groepe ten opsigte van copingstrategieë en mate van psigologiese welsyn is aangedui en bespreek.

Daar is verder aangetoon in watter mate copingstrategieë die mate van psigologiese welsyn voorspel. In 'n tweedeorde-faktorontleding is 9 faktore by die Totale Groep en die Mans-subgroep, tien by die Swart Groep en agt by die Vroue en die Wit Groep onttrek, waaronder emosiegefokusde coping, vermydingscoping en probleemgefokusde coping. In die volgende hoofstuk sal gevolgtrekkings op grond van die huidige ondersoek uiteengesit word, en 'n aantal aanbevelings gemaak word.

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal die bevindinge van hierdie ondersoek kortliks saamgevat word, en gevolgtrekkings in aansluiting by die gestelde doelstellings gegee word. Daarna sal aanbevelings vir verdere navorsing, sowel as die praktyk, gemaak word.

2. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

Doelstelling 1: Die eerste doelstelling was om die konstruk coping te klarifiseer met behulp van 'n literatuurontleding.

Die konstruk coping vorm deel van 'n wye navorsingsveld wat vanuit die salutogene paradigma aan die ontwikkel is. In die literatuur is die konseptualisering van die aard van coping verwarrend, aangesien daar veelvuldige verskillende definisies en teoretiese perspektiewe is wat poog om die konstruk coping raak te vat. Coping toon 'n ook 'n verband met verwante konstrunkte soos copingbronne, verdediging en monitering versus afstomping.

In die historiese ontwikkeling van die konstruk blyk dit dat coping eerstens geassosieer was met stabiele persoonlikheidstreke; daarna het die klem meer op coping soos dit deur omgewingsfaktore bepaal word geval. Tans word coping gesien as 'n proses wat, sistemies gesien saam met ander faktore soos persoonlikheid- en omgewingsfaktore, ontwikkelingsfases, krisistydperke en psigologiese welsyn funksioneer en in 'n wederkerige, dinamiese interaksie is.

Die vroeë siening dat coping slegs gedefinieer kan word as emosie- of probleemgefokusde coping blyk oorvereenvoudig te wees. Hierdie onderskeiding vorm egter wel belangrike breë dimensies van coping aangesien hulle tot 'n mindere of meerdere mate in die meeste copingskale voorkom. Dit blyk dus dat coping in breë kategorieë onderskei word (emosiegefokusde, probleemgefokusde en vermydingscoping) sowel as in meer spesifieke

strategieë (soos byvoorbeeld deur Carver et al., 1989). Die onderskeiding tussen emosionele ventilering en soeke na sosiale ondersteuning as emosiegefokusde copingstrategieë blyk belangrik te wees, aangesien daar onduidelikheid is in die literatuur oor die effektiwiteit van emosiegefokusde coping as breë dimensie. Tans wil dit voorkom asof soeke na sosiale ondersteuning 'n meer konstruktiewe copingstyl as emosionele ventilering is.

Vanuit verskillende perspektiewe benader, blyk dit dat coping volgens die fokus daarvan (benadering versus vermyding) of die metode daarvan (kognitief versus gedrag) gekonseptualiseer kan word. In die sosiale/kulturele konteks word coping in passiewe versus aktiewe, prososiale versus antisosiale of direkte versus indirekte copingdimensies gekonseptualiseer. Geslag en kultuur oefen 'n effek uit op die copingstrategieë wat 'n persoon toepas. Die stereotipering van vrouens en mans as onderskeidelik emosiegefokusde en probleemgefokusde copers word nie deur die meer onlangse literatuur bevestig nie. Die tipe konteks (beroep, gesin, huwelik), die individu se geslagsroloriëntasie of bemeesteringsvaardighede speel ook 'n rol in die individu se keuse van copingstrategieë. Kultuur beïnvloed die wyse waarop die stres kognitief getakseer word, die tipe stressore waaraan 'n persoon blootgestel word, die keuse van copingstrategieë wat benut sal word, en die verskillende institusionele meganismes wat die individu kan help om stres te hanteer.

Die kompleksiteit van coping as konstruk blyk ook uit die verskillende copingmeetinstrumente wat gebruik word. Aspekte soos die tipe meetinstrument (met die klem op persoons- of omgewingfaktore), die teoretiese of empiriese skaalsamestelling, die fase van coping wat gemeet word, kwalitatiewe aspekte, ensovoorts beïnvloed die finale afleidings wat daar oor die aard van coping gemaak word. Dit blyk dat die komplekse aard van coping nie ten volle saamgevat kan word in 'n enkele skaal nie, en dat die afleidings wat op grond van 'n enkele skaal verkry word nie verabsoluteer kan word nie.

Uit die literatuurverkenning wil dit voorkom asof coping wel kan verband hou met psigologiese welsyn. Uit empiriese studies blyk dit breedweg dat probleemgefokusde copingstyle 'n positiewe, en vermydings- en emosiegefokusde copingstyle 'n negatiewe korrelasie met psigologiese welsyn het. Emosiegefokusde coping is egter nog nie ten volle nagevors in al sy fasette nie.

Emosionele ventilering en soeke na sosiale ondersteuning is twee tipes emosiegefokusde coping. Die verwagting word hier uitgespreek dat vraelyste wat meer spesifiek onderskei tussen hierdie twee emosiegefokusde copingstrategieë vermoedelik meer positiewe verbande tussen soeke na sosiale ondersteuning en psigologiese welsyn sal vind. Hierdie verwagting sal egter deur verdere navorsing ondersoek moet word. Verder moet dit in ag geneem word dat die copingproses kompleks is, en nie deur simplistiese, reduksionistiese metodes alleen ondersoek behoort te word nie. Aspekte soos individuele verskille in copingeffektiwiteit, kognitiewe takserings, die situasie-eienskappe, die copingpatroon, en die individu se copingdoelstellings speel ook 'n rol in die copingproses.

Doelstelling 2: Die tweede doelstelling was om vas te stel hoe die huidige navorsingsgroep se basislyn informasie vergelyk met dié wat in die literatuur beskryf is vir die betrokke meetinstrumente by ander groepe.

Dit blyk dat alle subskale se betroubaarheidsindekse en gemiddelde tellings, soos gemeet vir die Totale Groep, voldoende is en redelik goed ooreenstem met dié wat in die literatuur gerapporteer word. Resultate wat deur hierdie studie gekry is, is dus betroubaar. Assertiewe Aksie is die enigste subskaal wat 'n lae Cronbach-alfa-betroubaarheidsindeks toon. Dit wil dus voorkom of die huidige navorsingsgroep se response nie baie betroubaar is vir hierdie spesifieke subskaal nie en/of dat hierdie subskaal nie baie geldig is vir die huidige groep nie. Keer na Religie het 'n hoër gemiddeld as wat in die literatuur aangetoon word. Die huidige studentepopulasie se Christelike agtergrond speel waarskynlik 'n rol hierin. Die CRI-Y se betroubaarheidsindekse en gemiddeldes is effens laer as dié wat gerapporteer word deur Ebata en Moos (1991) en Moos (1993).

Op die SACS het die huidige ondersoekgroep ongeveer dieselfde gemiddelde tellings behaal op die verskillende subskale, behalwe op die subskale Indirekte Aksie (laer tellings) en Instinktiewe Aksie (hoër tellings). Dit wil dus lyk of die Suid-Afrikaanse studiegroep in vergelyking met die Amerikaanse studiegroep meer gebruik maak van impulsiewe coping en minder sensitief en versigtig is in hulle copingwyses.

By die Mans en Vroue beskik die meeste skale oor voldoende betroubaarheidsindekse, behalwe vir die subskale Assertiewe Aksie, Aggressiewe Aksie en Emosionele Ventilasië. Die Wit Groep se betroubaarheidsindekse vertoon ook goed, behalwe vir die subskaal Assertiewe Aksie. Die Swart Groep se betroubaarheidsindekse vir veertien copingsubskale is nie voldoende nie. Hierdie onbevredigende indekse kan moontlik daarop dui dat die betrokke konstrakte minder geldig is vir dié ondersoekgroep. Dit sou kon dui op multikulturele blindheid in die samestelling en gebruik van copingmeetinstrumente en copingnavorsing. Meer bewustheid van dié Westerse etnosentrisme en gevolglike moontlike stereotipering van ander kulture in wetenskapsbeoefening word aanbeveel.

Betroubaarheidsindekse en gemiddelde tellings by die psigologiese welsyn-skale, soos gemeet vir alle groepe, het goeie resultate gelewer en stem ooreen met dié wat vir Suid-Afrikaanse en Amerikaanse studiegroepe gevind is.

Doelstelling 3: Die derde doelstelling was om vas te stel of Mans en Vrouens verskil ten opsigte van hulle voorkeur-copingstyle en mate van psigologiese gesondheid.

Die resultate van die huidige ondersoek het die hipotese ondersteun dat Mans en Vrouens verskil ten opsigte van hulle voorkeur-copingstyle en mate van psigologiese welsyn. Dit blyk dat Vroue meer gebruik maak van Soeke na Sosiale Ondersteuning en Emosionele Ventilasië, wat die stereotipe siening dat Vrouens meer emosiegefokus as Mans cope, in 'n mate bevestig. Uit die navorsingresultate blyk dit ook dat daar nie enige noemenswaardige verskille is tussen Mans en Vrouens se copingvoorkeure ten opsigte van die probleemgefokusde skale nie, behalwe dat Vrouens meer gebruik maak van Logiese Analise (CRI_LA) as Mans. Die tradisionele siening van mans as meer probleemgefokusde copers word dus nie deur hierdie resultate ondersteun nie. Die laasgenoemde bevinding kan moontlik daarmee verband hou dat die Vroue in hierdie navorsing oor redelike opvoedingsvlakke beskik, hulle bemeesteringsvaardighede positief ervaar en 'n moderne geslagsrolsiening het.

Die feit dat Vrouens meer gebruik maak van Logiese Analise en Soeke na Sosiale Ondersteuning, en Mans meer Indirekte, Aggressiewe, en Antisosiale Aksie gebruik, sluit aan by Hobfoll et al. (1994a) se bevinding dat mans (in vergelyking met vrouens) 'n aktiewe, antisosiale coping-benadering het, en vrouens (in vergelyking met mans) 'n meer prososiale aktiewe benadering volg. Tesame met laasgenoemde bevinding blyk dit dat die Vrouens 'n breër copingrepertoire as die Mans het. Dit wil dus voorkom asof die Vrouens meer konstruktief as die Mans cope. Verder suggereer die navorsingsresultate dat Vrouens tydens stresvolle periodes meer steun op religie as Mans.

Die verskille in bogenoemde copingstyle by Mans en Vrouens mag moontlik uit té rigiede opvoedingspraktyke ontwikkel het. Dit kan wees dat emosionele ekspressie en soeke na sosiale ondersteuning by meisies meer aangemoedig word as by seuns en dat meer aggressiewe en antisosiale gedrag by seuns toegelaat word.

Ten opsigte van die psigologiese welsyn-skale blyk dit dat beide Mans en Vrouens dieselfde mate van koherensiesin, lewenstevredenheid en positiewe affek ervaar. Mans beleef egter meer negatiewe affek en het ook 'n laer telling op die Positiewe-Negatiewe-Affek-Balans-skaal. Moontlike verklarings hiervoor is eerstens dat Mans meer destruktiewe copingstrategieë (wat 'n negatiewe invloed kan uitoefen op die mate van positiewe affek) gebruik as Vrouens. Ten tweede kan Vrouens se breër copingrepertoire, sowel as die benutting van emosionele copingstyle, soos Soeke na Sosiale Ondersteuning en Emosionele Ontlading, kanale vir die ontlading, ontlooting, verwerking of eliminerings van negatiewe affek verskaf.

Doelstelling 4: Die vierde doelstelling was om vas te stel hoe verskillende sosiale/etniese groepe verskil ten opsigte van voorkeur-copingstyle en die patroon van verbande met psigologiese welsyn.

Dit blyk dat die Wit Groep meer gebruik maak van die copingstyle Keer na Religie en Fokus op en Ventilerings van Emosies. Die groep se tradisionele Christelike agtergrond en die feit dat hulle studente aan 'n Christelike universiteit is, speel hier 'n rol. Ten opsigte van die tweede

copingstyl kan dit beteken dat die Wit Groep meer direk en eg in hulle emosionele uitlewing is. Ventilering van emosie kan egter ook 'n negatiewe konnotasie hê.

Hobfoll et al. (1994b) se verwagting dat Westerse groepe meer aktiewe en probleemoplossende voorkeure sou toon as die Afrika-groepe, word nie deur die resultate van die huidige navorsingstudie ondersteun nie. Die Wit Groep behaal slegs 'n statisties betekenisvolle hoër telling op die probleemgefokusde skale Logiese Analise en Keer na Religie. Op die ander probleemgefokusde, benaderingskale vaar die groepe min of meer dieselfde. 'n Moontlike verklaring vir hierdie bevinding is die feit dat die Swart Groep aan 'n Westers-georiënteerde universiteite studeer, en daar kan dus aangeneem word dat hulle in 'n mate verwesters geraak het ten opsigte van die copingstyle wat hulle gebruik. In 'n ander konteks, naamlik 'n meer tradisionele omgewing met meer 'n tradisionele swart toetspopulasie, kan daar dalk ander resultate gekry word.

Verder blyk dit dat die Swart Groep 'n voorkeur toon vir vermydingscopingstrategieë, sowel as Indirekte en Antisosiale Aksie, en Soeke na Alternatiewe Belonings. Hierdie bevindinge stem ooreen met Hobfoll et al. (1994b) se siening dat Afrika-groepe meer indirek en passief (vermyding is 'n passiewe copingstrategie) cope. Die Swart Groep se benutting van vermydingscopingstrategieë kan moontlik geassosieer word met die feit dat swart persone in die verlede oor minder bronne as wit persone beskik het. Hoe minder bronne 'n persoon tot sy/haar beskikking het, hoe meer geneig sal so persoon wees om vermydend te cope. Bronne stel 'n persoon in staat om meer aktief te cope. Swart persone se blootstelling aan 'n meer gewelddadige en stresvolle omgewing, sowel as die strewe na 'n identiteit, kon dalk meer Indirekte en Antisosiale Aksie by dié groep ontlok het, aangesien probleemgefokusde, assertiewe pogings nie aanvaarbaar was in 'n apartheidsmilieu nie.

Die Wit Groep beskik oor 'n groter mate van koherensiesin, lewenstevredenheid, positiewe affekbeleving en Positiewe-Negatiewe-Affek-Balans, terwyl die Swart Groep meer Negatiewe Affek ervaar. Die diskrepante situasie wat deur die apartheidstydperk geskep is vir beide groepe dien as verklaring vir die groepe se psigologiese welsynsbelevinge. Die gesamentlike invloed van min bronne, meer stresvolle lewensomstandighede, gevoelens van lae eiewaarde,

magteloosheid, frustrasie, ensovoorts, sou beslis daartoe bydra dat die Swart Groep minder psigologiese welsyn ervaar. Ten slotte blyk dit dus dat die bevindinge van die huidige ondersoek die hipotese ondersteun dat sosiale/etniese groepe verskil ten opsigte van die relatiewe sterkte van bepaalde copingstyle en mate van psigologiese welsyn soos blyk in die spesifieke Suid-Afrikaanse konteks. In die lig van die relatief lae betroubaarheidsindekse van sommige copingskale by die Swart Groep, moet hierdie bevindinge egter met groot versigtigheid bejeën word.

Doelstelling 5: Die vyfde doelstelling was om die verband tussen copingstrategieë en die mate van psigologiese welsyn vas te stel.

Die huidige resultate ondersteun die hipotese dat daar 'n betekenisvolle verband tussen copingstrategieë en die mate van psigologiese welsyn is. Dit blyk dat probleemgefokusde copingstrategieë positief en vermydingscopingstrategieë negatief met psigologiese welsyn korreleer. Die probleemgefokusde copingsubskale wat prakties betekenisvolle positiewe korrelasies met indekse van psigologiese welsyn het, is Assertiewe Aksie en Beplanning. Vermydingscopingsubskale wat prakties betekenisvol negatief korreleer met indekse van psigologiese welsyn is Vermyding, Ontkenning, Gedrags- en Mentale Onttrekking.

Bogenoemde resultate suggereer dat 'n aktiewe beplande copingbenadering saamhang met 'n hoër mate van psigologiese welsyn en dat 'n vermydende copingbenadering saamhang met 'n laer mate van psigologiese welsyn. Verskeie outeurs rapporteer soortgelyke korrelasies tussen onderskeidelik probleemgefokusde en vermydingscoping enersyds, en psigiese gesondheid andersyds (Endler & Parker, 1990b; Holahan & Moos, 1987; Olff et al., 1992).

Die emosiegefokusde copingsubskale toon nie prakties betekenisvolle verbande met die psigologiese welsynskale nie, maar het wel enkele statisties betekenisvolle positiewe korrelasies. Die onderskeiding van die emosiegefokusde copingkategorieë Soeke na Sosiale Ondersteuning en Emosionele Ventilasië is relevant in die lig van dié resultate. Dit blyk dat die Soeke na Sosiale Ondersteuning-copingstrategieë statisties positief korreleer met psigologiese welsyn, terwyl die Emosionele Ventilering-copingstrategieë statisties betekenisvol negatief

korreleer met psigologiese welsyn. Dit is dus moontlik dat die hantering van emosies met behulp van Soeke na Sosiale Ondersteuning meer opbouend is vir psigologiese welsyn as Emosionele Ventilasië. Hierdie onderskeid was nie in die vroeë copingondersoeke gemaak nie (byvoorbeeld Lazarus en Folkman, 1984).

Die bogenoemde empiriese resultate is slegs 'n weerspieëling van die breë verbande wat daar tussen copingstrategieë en psigologiese welsyn kan wees en moet nie verabsoluteer word nie. Copingmeetinstrumente meet nie kwalitatiewe en situasie-spesifieke eienskappe van die stressor nie. Afhangend van die konteks, is verskillende copingstyle op verskillende tye die effektiëste. In sommige situasies sou 'n vermydingscopingstrategie 'n beter copingkeuse wees as probleemgefokusde coping, byvoorbeeld ten opsigte van korttermyn irritasies.

Doelstelling 6: Die sesde doelstelling was om vas te stel in watter mate copingstrategieë die mate van psigologiese welsyn voorspel.

Uit die meervoudige regressieontleding wat op die data van die Totale Groep gepas is, blyk dit dat copingstrategieë 53% van die variansie van psigologiese welsyn verklaar. Veranderlikes wat in kombinasie met al die ander die grootste bydrae gelewer het, was Onderdrukking van Kompetierende Aktiwiteite, Positiewe Herinterpretasie en Groei, Aanvaarding, Keer na Religie, en Assertiewe Aksie (wat 'n positiewe bydrae gelewer het) en Ontkenning, Mentale Onttrekking, Vermyding en Antisosiale Aksie (wat 'n negatiewe bydrae gelewer het).

